

Die verrekening van taalvariasie in die prosawerk van Elias P. Nel

Frank Hendricks

Frank Hendricks, Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit van Wes-Kaapland

Opsomming

In hierdie artikel val die soeklig op twee streeksliteratuuurbundels van Elias P. Nel, naamlik *Iets goeds uit Verneukpan?* en *Mafoiing en annerlike gelofietjies*, wat onderskeidelik in 1998 en 2001 gepubliseer is. Gesamentlik beslaan die twee werke altesaam 35 kortkunstekste wat ten opsigte van literatuursoort primêr vertellings en/of anekdotes is. 'n Prominente kenmerk van die twee bundels is die bymekaarbring van 'n aantal Afrikaanse variëteite, naamlik Standaardafrikaans, Oranjerivierafrikaans, Kaapse Afrikaans en Swartafrikaans, en wel as konstituerend deel van die epiese aanbod. Vanuit 'n wesenlik variasietaalkundige perspektief, maar ook 'n letterkundige gesigspunt, word daar geredeneer dat die tekstuele integrasie van Oranjerivierafrikaans (as dominante variëteit in die bundels), Kaapse Afrikaans en Swartafrikaans as vertel- en/of sitaatkodes, die outentieke verrekening van die talige aard en die kulturele geladenheid van hierdie variëteite en die betroubare sosiolinguistiese inkleding van die vertellinge implisiet in diens staan van die demarginalisering en/of destigmatisering van Afrikaanse regiolekte en sosiolekte.

Trefwoorde: Elias P. Nel; Afrikaanse variëteite; Standaardafrikaans; regiolekte; sosiolekte; vertelkode(s); sitaatkode(s); weergawe van talige aspekte; tekstuele integrasie; demarginalisering; destigmatisering

Abstract

The portrayal of language diversity in die prose of Elias P. Nel

This article deals with two prose collections of Elias P. Nel, namely *Iets goeds uit Verneukpan?* and *Mafoiing en annerlike gelofietjies*, which were published in 1998 en 2001 respectively. These two works of regional literature contain altogether 35 short-prose texts which are essentially narrations and/or anecdotes. The stories are set primarily in the former north-western Cape Province (currently known as Northern Cape), in particular Verneukpan (Swartkop) and surrounding areas in Bushmanland, and focus on different aspects of the then way of life of working-class people in this region. The stories are told by a primary narrator (who appears to be the fictional correlate of the implied author) and a number of secondary narrators. Organisationally, the stories of these secondary narrators are embedded in those of the primary narrator.

A prominent feature of the two collections is the integration of different Afrikaans varieties, either as narration code(s) (i.e. the language code(s) in which the story is / stories are told by the narrator(s)) or as citation code(s) (i.e. the language code(s) used by a character / the characters, as cited by the narrator(s)). These varieties are Standard Afrikaans and three historically marginalised varieties, namely Orange River Afrikaans (also known as North-

Western or Khoi Afrikaans), Kaaps (a social dialect associated primarily with the working class of Cape Town and surrounding areas) and Black Afrikaans (Afrikaans marked by linguistic features which can be ascribed to the influence of one or other Black language). Kaaps and Black Afrikaans come to the fore as a result of geographical displacement. By putting the thematic focus on marginalised people and using marginalised varieties of Afrikaans as literary codes, Nel builds on a tradition pioneered by writers such as S.V. Petersen, Adam Small en Peter Snyders.

From a primarily variation-linguistic but also a literary perspective several aspects regarding the literary reflection of these varieties are scrutinised. Firstly, the implementation of Standard Afrikaans in the two collections is dealt with (see 2). Thereafter the use of Orange River Afrikaans, Kaaps and Black Afrikaans is discussed consecutively with the emphasis on the ways they are textually integrated as well as the portrayal and illustration of their linguistic features (3 and 4). The authenticity of the portrayal of the linguistic and/or cultural aspects of these three varieties is evaluated in terms of their correlation with existing empirical research findings. The penultimate section (5) deals with the extent to which Nel's portrayal of the linguistic situation in Bushmanland and surrounding areas correlates with sociolinguistic observations and principles, while the concluding section (6) touches on the potential value of Nel's literary integration of Afrikaans varieties.

The study reveals the following findings regarding the ways the said varieties are textually integrated: Standard Afrikaans is used as narration code by the primary narrator and sporadically also as citation code. Orange River Afrikaans is used extensively as narration code by several secondary narrators. It is also used frequently as citation code by the primary narrator as well as the secondary narrators. In "Die kelder se slot" Kaaps is utilised solely as citation code, while Black Afrikaans is used in "Die kerrieafval" primarily as secondary narration code, but also as citation code.

Typical linguistic features of Orange River Afrikaans that are captured in Nel's works, include the following:

Palatalisation

tj i.s.o. k: "tjerm" for kerm (*Iets goeds uit Verneukpan?*, p. 95), "waarstjie" for waarsku (*Iets goeds uit Verneukpan?*, p. 70)

sj i.s.o. g: "gesjee" for gegee (*Mafoiing en annerlike gelofietjies*, p. 83), "sjees" for gees (*Mafoiing en annerlike gelofietjies*, p. 95), "sjeef" for gif (*Iets goeds uit Verneukpan?*, p. 77).

Assibilation

b i.s.o. w: "bowwejaan" for bobbejaan (*Iets goeds uit Verneukpan?*, p. 93), "soewat" for soebat (*Iets goeds uit Verneukpan?*, p. 146)

d i.s.o. r: "genare" for genade (*Iets goeds uit Verneukpan?*, p. 162), "tyring" for tyding (*Iets goeds uit Verneukpan?*, p. 99)

t i.s.o. f: "waffer" for watter (*Iets goeds uit Verneukpan?*, p. 101).

Nouns ending on -goed

"Flip Sauls-goed" (*Mafoiing en annerlike gelofietjies*, p. 49); "Japie-goed" (*Mafoiing en annerlike gelofietjies*, p. 48); "ma-goed" (*Mafoiing en annerlike gelofietjies*, p. 31).

The frequent use of diminutive forms

"diejakentjie" (*Iets goeds uit Verneukpan?*, p. 99); "kombuisietjie" (*Iets goeds uit*

Verneukpan?, p. 100); "stêpsietjies" (*Iets goeds uit Verneukpan?*, p. 101); "julletjies" for julle (*Iets goeds uit Verneukpan?*, p. 8).

Fusion of the linking word "staan" and the particle "en" (stane < staan en)

"En ek gaan ôkkie by hom ga' stane gatkruip'ie." (*Iets goeds uit Verneukpan?*, p. 138); "Man, Dirk, wat het jy daar geloop stane soek?" (*Iets goeds uit Verneukpan?*, p. 75).

The use of "se" combined with a personal pronoun

"Julle se": "Julle se lywe" (*Iets goeds uit Verneukpan?*, p. 49); "hulle se": "hulle se wapens" (*Iets goeds uit Verneukpan?*, p. 3); "U se": "U se hanne" (*Mafoiing en annerlike gelofietjies*, p. 88).

The potential value of this study and of Nel's portrayal of the diversity of Afrikaans could be summarised as follows:

- Nel's utilisation of different Afrikaans varieties points to the fact that he writes with the conviction that the full spectrum of Afrikaans varieties is available to the Afrikaans writer to be used as literary codes, and that regional and social dialects should preferably be utilised by those writers who have a command of them. Nel's strong command of Orange River Afrikaans is directly linked to the fact that he hails from Bushmanland.
- The emphasis on regional and social varieties in the two prose collections appears to be driven by an intention to make the Afrikaans reader aware of the intrinsic lingual nature of these varieties. Choosing regional literature as a means to illuminate the linguistic and functional aspects of Orange River Afrikaans seems meaningful because regional literature as a literary genre typically entails an emphasis on the distinguishing linguistic features of a particular geographical area. Making use of geographical displacement also proves to be a useful literary manoeuvre in order to illuminate the lingual aspects of Kaaps and Black Cape Afrikaans. In this regard Nel can be held as an example worth following regarding how the African writer can shed light on the diversity of the Afrikaans language and the distinctive linguistic markers of spoken varieties.
- The textual integration of Orange River Afrikaans (as dominant variety in the two collections), Kaaps and Black Afrikaans as narration and/or citation codes, as well as the authentic portrayal of their linguistic, cultural and sociolinguistic aspects implicitly serve as mechanisms to demarginalise and/or destigmatise regional and social varieties of the Afrikaans language.
- Studies of Orange River Afrikaans have until now been based mainly on spoken data. This study entails an examination of the written representation of Orange River Afrikaans in a literary sphere and intends to show that literary texts in which spoken varieties are used as narration codes and in which language features are portrayed in an authentic way could serve as a more prolonged capturing mechanism for spoken data. From the point of view of language standardisation, Nel's written presentation of this regional dialect could be hailed as an important contribution to its codification and therefore also to the honing of Orange River Afrikaans as a potential feeder source for Standard Afrikaans.

- his article will hopefully pave the way for further studies regarding the range of Orange River Afrikaans and other spoken varieties. Relevant follow-up studies could include perception studies which measure how the orthographical representation of spoken varieties is perceived by readers, an investigation into the use of spoken varieties as narration codes in Afrikaans prose, and studies on Khoi influence in literary texts in which prominence is given to Orange River Afrikaans.

Keywords: Elias P. Nel; varieties of Afrikaans; Standard Afrikaans, regional dialects, social dialects, narrative code(s), citation code(s); presentation of linguistic features; textual integration; demarginalisation; destigmatisation

1. Inleiding¹

Elias P. Nel, wat as 'n "Swart Afrikaanse Skrywer" getipeer word,² tree in 1998 as prosaskrywer op die voorgrond met die werk *Iets goeds uit Verneukpan?*. Hierdie werk is in 2001 opgevolg met die werk *Mafoiing en annerlike gelofietjies*. Gesamentlik beslaan die twee werke altesaam 35 kortkunstekste wat ten opsigte van literatuursoort primêr vertellings en/of anekdotes is: 20 in *Iets goeds uit Verneukpan* en 15 in *Mafoiing en annerlike gelofietjies*.³ Die bundels is tuis te bring onder kontreikuns oftewel regionale literatuur, dit wil sê "literatuur wat spesifiek ruimtelik-geografies geplaas word en waarin onderskeidende regionale kenmerke 'n uitdruklike funksie vervul" (Van Zyl 1992:420).

Tematies vorm die 35 tekste 'n epiese collage. Die vertellings het naamlik in hul samehang die noordwestelike Kaapprovinsie (die Noordweste) van vroeëre jare (tans die Noord-Kaap genoem), in die besonder Verneukpan (Swartkop) en omstreke in die Boesmanland, as primêre epiese ruimte. Die besondere leefwyse van die persone in hierdie geweste word in die brandpunt gestel: hul bestaan as werkersklasmense; hul mishandeling deur boere op plase; hul religieuse lewe; hul bemoeienis met bonatuurlike dinge soos toordery, spokery en insnyding; hul folkloristiese opvattinge oor onder meer diersoorte oftewel "dierasies" (waterslang, koelie rooioog, koringkriek, reënbooggoggatjie, langasemvoël, trapsuutjies, "mitteljatkat") en allerlei kruiesoorte ("medisyne van die veld"), soos doepa, duiwelsdrek, jakkalsniertjie en !xthypkas; hul sosiale waardes, waaronder 'n diepgewortelde respek vir ouers en grootmense. Die twee bundels weerspieël 'n sterk fokus op die verlede van die Noord-Kaapse personasies. Die storie-inhoude van die tekste het naamlik betrekking op hul voorgeskiedenis⁴ maar ook, en meer bepaald, op die periode rondom die middeljare van die 20ste eeu.⁵

Ook op vertellersvlak vorm die 35 vertellings 'n epiese eenheid: één bepaalde woordvoerder (die primêre verteller) figureer in al 35 tekste as ingeligte instansie wat óf self (van binne uit of van buite af) oor diverse personasies en gebeure (waaronder selfbeleefde ervaringe) vertel óf verskillende personasies by geleentheid as medevertellers (sekondêre vertellers) in die direkte rede aan die woord stel. Dienooreenkomstig daarin terme van vertelinstantie twee hoofgroepe tekste in die twee bundels te onderskei: 'n groep van 22 waarin die primêre verteller as dominante verteller optree en 'n groep van 13 waarin die dominantevertellersrol deur sekondêre vertellers behartig word.⁶ Die primêre verteller blyk die fiktiewe korrelaat van die geïmpliseerde skrywer (Snyman 1985:75) te wees wat homself in die inleidende skrywerstekste van die twee bundels identifiseer as 'n boorling van Verneukpan in die

Boesmanland en wat die leser vooruitwysend oriënteer oor die inhoud wat in die vertellings aan bod kom.⁷

'n Prominente kenmerk van die twee bundels is die bymekaarbring van 'n aantal Afrikaanse variëteite⁸ wat, as vertelkode(s) (d.i. die kode(s) waarin die verteller(s) die storie vertel) en/of as sitaatkode(s) (d.i. die kode(s) waarin tekspersonasies deur die verteller(s) aan die woord gestel word), deel van die epiese aanbod uitmaak. Nie alleen Standaardafrikaans word tekstueel geïntegreer nie, maar ook enkele variëteite wat herkenbaar is as Afrikaanse regiolekte en sosiolekte. Van belang is veral die vryelike aanwending van die regioleke Oranjerivierafrikaans⁹ wat as dominante variëteit in die bundels figureer. Ander variëteite wat samehangend met ruimtelike verplasing aangesny word, is Kaapse Afrikaans¹⁰ en Swartafrikaans.¹¹ Laasgenoemde drie variëteite was as uitvloeisel van die Afrikanernasionalistiese inslag van die standaardisering van Afrikaans metterjare onderhewig aan sowel marginalisering¹² as stigmatisering.¹³

Probleemstelling, doelwitte en organisatoriese uitleg

Studies oor die aanwending van spreektaal(variëteite) in letterkundige werke vanuit 'n taalkundige gesigspunt, waaronder dié van Hendricks (1978) en Coetzee (2005), handel oor die talige en sosiolinguistiese aspekte van die geïntegreerde variëteite, maar werp glad nie, of nie genoegsaam nie, lig op die wyse waarop die variëteite teksorganisasories geïntegreer is. Daar word naamlik nie gespesifiseer of die aangesnyde variëteite as sitaat- of as vertelkode(s) gebruik word nie en derhalwe ook nie ingegaan op die funksionaliteit van die wyse van integrasie nie.

'n Tweede kwessie staan in verband met die outentisiteit van geïnkorporeerde spreektaalvariëteite of -elemente. Op grond waarvan sou 'n skrywer se literêre integrasie van byvoorbeeld Kaaps of Oranjerivierafrikaans as werklikheidsgetrou bestempel kon word? Sou die subjektiewe oordeel van die ondersoeker genoegsaam wees of behoort die beoordeling van outentisiteit per se op die bevindinge van empiriese navorsing te stut?

'n Derde verbandhoudende kwessie het te make met die beoordeling van die funksie oftewel variëteitaalkundige beduidendheid van spreektaalelemente wat in kontreikunswerke aangesny word, in die besonder die beoordeling van aangepaste spelvorme wat kragtens konvensie gebruik word om uitspraaknuanses op skrif voor te stel. In aansluiting by Preston (2010) sou gevra kon word: Word die elemente bloot ter wille van stilistiese versiering, dus as merkers van 'n informele gesprekstyl, benut of word hulle ingespan om as merkers van 'n spesifieke regioleke of sosioleke te funksioneer?¹⁴ Of al die onderstreepte spelvorme in die onderstaande teksfragment sonder meer as aanduidend van onderskeidende uitspraakmerkers van Oranjerivierafrikaans te bestempel is, sou derhalwe 'n tersaaklike vraag in hierdie ondersoek wees:

Ag, dankie tog, Boetie, my ou tjeent. Hou jou arms so oorkruis voor jou mettie hanne boontoe, da sit Oupa sommer vir jou'ie sak op. Dis makliker om hulle so te dra. En Boetie hoef'ie vir Oupa te waggie. Oupa sien jy's haastig. Sjee ma nettie goedjies vir ouma Bet byrie hys. Dankie my ou tjeent. (*Mafoing en annerlike gelofietjies*, 67)

Met inagneming van hierdie problematiek is dit die oogmerk van hierdie bydrae om in aansluiting by die riglyne vir die verrekening en/of beoordeling van taaldiversiteit in letterkundige tekste soos gespesifiseer in Hendricks (2010), te beredeneer dat die wyse waarop Oranjerivierafrikaans, Kaapse Afrikaans en Swartafrikaans in die bundels tekstueel

geïntegreer word, die outentieke en geloofwaardige verrekening van die talige aard en die kulturele geladenheid van hierdie variëteite asook die betroubare sosiolinguistiese inkleding van die vertellinge implisiet in diens staan van die demarginalisering en/of destigmatisering van Afrikaanse regiolekte en sosiolekte. Betreffende die weergawes van die talige aspekte van spreektaalvariëteite as sentrale gegewe wil die studie die belangrikheid van empiriese fundeerbaarheid as maatstaf vir die beoordeling van outentisiteit onderstreep.

Ten opsigte van gemelde doelwitte verteenwoordig hierdie bydrae 'n opvolg tot Hendricks (2010) en Hendricks (2012b), waarin daar onderskeidelik ingegaan word op die verrekening van taaldiversiteit in die prosa van S.V. Petersen en in die literêre oeuve van Adam Small. Nel se manier van doen word primêr vanuit 'n variasietaalkundige perspektief,¹⁵ maar ook vanuit 'n letterkundige gesigspunt betrag.

Die uiteensetting word soos volg gestruktureer: Eers word daar uitgewei oor die gebruik van Standaardafrikaans in die twee bundels (onderafdeling 2). Daarna kom die gebruik van Oranjerivierafrikaans, Kaapse Afrikaans en Swartafrikaans agtereenvolgens aan bod (3 en 4), met die klem op die toeligting en beoordeling van die integrasiewyses en die weergawe van talige aspekte. Die outentisiteit van die weergawes van die talige en sosiolinguistiese aspekte van die drie variëteite word aan die hand van empiriesnavorsingsbevindinge beoordeel. Ná 'n uitweiding oor die sosiolinguistiese inkleding van die vertellinge (5) word daar ten slotte ingegaan op die potensiele waarde van Nel se verrekening van taalverskeidenheid, asook op enkele potensiele temas vir tersaaklike opvolgstudies (6).

2. Die integrasie van Standaardafrikaans

Die gebruik van Standaardafrikaans is die onderskeidende kode van die primêre verteller. Deur die gebruik van Standaardafrikaans as vertelkode borduur Nel voort op 'n Afrikaanse skrywerskonvensie wat tot vandag toe van krag is. Meer spesifiek wissel die vertelkode van die primêre verteller tussen ongemerkte Standaardafrikaans (soos in teksfragment a) en informele Standaardafrikaans gekleur met talige elemente kenmerkend van Oranjerivierafrikaans, veral in gevalle waar die primêre verteller (soos in teksfragment b) bepaalde Boesmanlandse personasies se spreekwyse namaak of hul gedagtes (innerlike monoloog) weergee. In laasgenoemde fragment verklank die primêre verteller die gedagtegang van die personasie Albert Draai alias Alwert Skuinsnek.

Teksfragment A

“'n Reënbooggoggatjie of roibaadjie wat ná die somerreëns sy verskyning maak, is nie giftig of gevaarlik nie. Hulle kan jou nie dood- of siek maak nie, maar piepklein, rooi, fluweelagtige goggatjies, kleiner as 'n pinkienael, moes die kinders van Swartkop uitlos, nie aanraak en veral nie seer- of doodmaak nie.” (*Mafoing en annerlike gelofietjies*, 11)

Teksfragment B

"Vandat Martiens Hessekwa hoofouderling geword het, kry hy wat Alwert is, glad nie meer 'n

preukbeurt in die kerk nie. Die ou Klossiegat baster verbeel hom mos vreeslik oorlat hy so 'n bietjie skoolgelerenteit het. Al moet hy dit ôk vidag self sê, daar issie nog 'n man hier op Driekop wat die Woord so tjên, soos wat Alwert Skuinsnek hom tjên nie. Al dra hy ôk vidag klipbrille, hy tjên elke teks wat daar te tjênne is. Dis hoe ka glad ga' norag lat 'n mens juis moet ka' lees en skryf om innie tjêrk te preek'ie." (*Iets goeds uit verneukpan?*, 67)

Standaardafrikaans word in die bundels sporadies ook as sitaatkode ingespan. Personasies wat Standaardafrikaans in die mond gelê word, sluit in predikante en proponente (dominee Jonkers in "'n Ong'luk byrrie Prambêrre" en proponent Cupido in "Ta Poppie en die proponent"), onderwysers (meneer Jansen in "Ta Poppie en die proponent" en Meester in "Jan Dos"), geregsdiensers (die magistraat, die prokureur, die polisieman en die bewaarder in "Jan Dos") en plaaseienaars (die twee plaasboere Botha en Jansen in "Jan Dos"). Ook in "Korhaan en muisvoël", die slotteks in *Iets goeds uit Verneukpan?*, wat afspeel teen die agtergrond van die voorgeskiedenis van die Khoi-Khoi in die omgewing van die Gariep (Oranjerivier), besig al vier sprekende personasies Standaardafrikaans, gekenmerk deur die sporadiese invleg van Khoekhoense taalitems en beelde uit die destydse leefruimte van die Khoi-Khoi. Hierdie personasies is almal hooggeplaastes in die geledere van die Khoi-Khoistamme: Gariqu en Anorrogri is stamkapteins, Dorah en Grigomaqi is die kinders van stamkapteins en oudste Gonnoma is Dorah se oom en wyse man, die raadgewer van die Gariguriqua-stam (kyk 5.1).

3. Die integrasie van Oranjerivierafrikaans

3.1 Die wyses waarop Oranjerivierafrikaans geïntegreer word

Oranjerivierafrikaans geniet in die twee bundels prominensie as vertel- én sitaatkode.

3.1.1 Oranjerivierafrikaans as vertelkode

Soos aangetoon, funksioneer sekondêre vertellers in 13 van die 35 tekste as dominante vertellers. Dié in *Iets goeds uit Verneukpan?* is Oupa Siepie ("Oupa Siepie se heuninglus"), oom Vaatjie Slingers ("Ingesny vir luck"), oom Dirk April ("Die tentdienste"), antie Nettie Damons ("Holpiet in Gomorra"), Petrus Parrang ("Die kelder se slot") en Jan Khoemkoem ("'n Troosprys vir Jan Khoemkoem"); dié in *Mafoiing* is ouma Eva Maliqua ("Waterslang vat vrou"), oom Piet Tieties ("Mafoiing"), oom Japie Kortman ("Keelafsnay se spook"), oom Goltros ("Klaas Bul se tjeent"), ous Kebêtjies ("'n Mensbojaan word geverbrand"), oom Jokkie ("Klein Stoffeltjie se sielietjie") en oom Prens Coetzee ("Die stryd tussen lig en duisternis"). Elkeen se vertelling is in Oranjerivierafrikaans geënkodeer. In hierdie 13 tekste staan die primêre verteller die vertellingstaak as't ware af aan die sekondêre vertellers terwyl hy self 'n afgeskaalde rol vervul. Sy take behels die voorstelling van die sekondêre vertellers en hul storiemas, die ruimtelike situering of kontekstualisering van die vertellings en die sporadiese reaksie op of bevraging van dinge wat die sekondêre vertellers kwytraak. Ook vervul hy die rol van luisterende instansie, en wel op een van drie maniere: sewe keer as enigste toehoorder (soos in "Ingesny vir luck"), drie keer as medetoehoorder (soos in "Klein Stoffeltjie se sielietjie") en drie keer as buitestaande toehoorder (soos in "Die kelder se slot").

Literêr-tegnies behels hierdie groep tekste die implementering van die raamvertelling, spesifiek die omraamde enkelvertelling, as tegniek (Johl 1992:414–6). In elk van die 13 tekste vorm die sekondêrevertellerstekste 'n binnevertelling wat ingebed is in die primêrevertellerstekste as omramende vertelling. Die ingebedde sekondêrevertellerstekste is óf 'n ononderbroke geheel óf word herhaaldelik deur raamfragmente onderbreek. Die deel waarin die primêre verteller aan die woord is (d.i. die raam), is telkens opvallend kleiner in omvang as die sekondêrevertellerstekste. In "Holpiet in Gomorra", byvoorbeeld, vorm die primêrevertellerstekste 'n enkele stelling by die teksaanvang: "Só gesels antie Nettie Damons van Brandvlei oor ouderling Holpiet se sondeval: ... " (*Iets goeds uit Verneukpan?*, 95). In "Keelafsnay se spook" beslaan die primêrevertellerstekste slegs twee kort paragrawe: die tweede paragraaf (*Mafoiing en annerlike gelofietjies*, 44) en die slotparagraaf (*Mafoiing en annerlike gelofietjies*, 49). As sodanig beliggaam die sekondêrevertellerstekste telkens die eintlike vertelling.

Voorts: in ses van die 22 tekste waarin die primêre verteller as dominante verteller optree, produseer een of meer personasies relatief kort vertellings. Hierdie tekste is "Die spook wat oujongkêrels maak", "'n Ong'luk byrrie Prambêrre", "Donkiestreke" en "Die kerrieafval" in *Iets goeds uit Verneukpan?* en "Jalontie se strafreën" en "Die Openbaring" in *Mafoiing en annerlike gelofietjies*. Voorbeelde van dié kort vertellings is dié van die drie vryers (Hendrik Pedro, Hans Belelie en Thys Permidie) in "Die spook wat oujongkêrels maak" wat oor hul ervaringe met spoke handel en dié van oupa Booï in "Jalontie se strafreën" oor reëngoggatjies (rooibaadjies) wat nie doodgemaak mag word nie omdat hulle die boodskappers van !Xthui-Goab (die Khoi-Khoi se "eie God" en "Maker van als") is. Hierdie vertellings is eweneens ingebed in die primêrevertellerstekste; derhalwe is hier ook sprake van 'n implementering van die raamvertellingstegniek. As omraamde binnevertellings van relatief klein formaat het hulle die status van sekondêre vertellings wat inhoudelik ondergeskik is aan, of topikaal in diens staan van, die vertelling van die primêre verteller. Uitgesonderd die vertelling van oupa Richard Mnyele in "Die kerrieafval", wat in Swartafrikaans geskied (kyk 4), is al hierdie korterige sekondêre vertellings ook in Oranjerivierafrikaans geënkodeer.

Oranjerivierafrikaans verkry dus prominensie deur die veelvuldige inspan daarvan as sekondêrevertellerskode, en wel in samehang met die benutting van die raamvertelling as tegniek.

3.1.2 Oranjerivierafrikaans as sitaatkode

Elk van die 22 tekste waarin die primêre verteller as dominante verteller funksioneer, word gekenmerk deur die skep van dialoogsituasies en die sitering van karakters se segginge in die direkte rede. Die primêrevertellerstekste is gevolglik deurspek met ingebedde sprekerstekste. In die 13 tekste waarin sekondêre vertellers domineer, is elk van die sekondêrevertellerstekste, uitgesonderd dié van oupa Siepie in "Oupa Siepie se heuninglus", eweneens deurspek met gesiteerde sprekerstekste. Samehangend met die feit dat die meeste van die 35 tekste die Boesmanland as storieruimte het en die meeste karakters as Boesmanlandse ingesetenes voorgehou word, word Oranjerivierafrikaans as sprekerskode by uitstek ingespan. Dit is derhalwe nie slegs as vertelkode nie, maar ook as gebruiklikste sitaatkode dat Oranjerivierafrikaans in die twee bundels in die brandpunt staan.

3.1.3 Waardebepaling

Nel toon op oortuigende wyse dat Oranjerivierafrikaans effektief as literêre medium ingespan kan word (ten minste in kontreikunsbundels) – nie slegs as sprekerskode nie, maar veral ook

as vertelkode. Die gebruik van Oranjerivierafrikaans as vertel- en sitaatkode in die bundels is in tweërlei opsig as demarginaliserend te bestempel. Eerstens: die storie-inhoude van die tekste is grootliks in die middeljare van die 20ste eeu gesitueer (kyk voetnoot 5), d.w.s. in die apartheidperiode toe bruin en swart persone sosiopolities van hul stem ontnem is. Teen hierdie agtergrond sou die veelvuldige aanwending van die Oranjerivierafrikaans as vertel- en sitaatkode gesien kon word as meganisme om aan polities-gemarginaliseerde stem te gee. Tweedens: ten opsigte van die gebruik van Oranjerivierafrikaans as sitaat- sowel as vertelkode verskil die kontreikunsbundels van Elias Nel van die kontreikunsskeppinge van onder andere A.A.J. van Niekerk, wat ook die noordwestelike Kaapprovinsie van vroeër jare as epiese ruimte het. In Van Niekerk se tekste, waarin mense van dialekstreke ook sentraal gestel word,¹⁶ word daar slegs in Standaardafrikaans óór hierdie personasies vertel, terwyl hulle gesiteerde uitinge deurgaans in Oranjerivierafrikaans gegiet is. Dis derhalwe ten opsigte van die gebruik van Oranjerivierafrikaans as vertelkode dat Nel hom van Van Niekerk onderskei. Omdat prosatekste ten opsigte van funksionele toonaard primêr verteltekste is, is die vertelkode uit 'n kommunikatiewe oogpunt te bestempel as hiërargies hoër as die sitaatkode. Deurdat Nel Oranjerivierafrikaans saam met Standaardafrikaans as vertelkode aanwend, word die status van Oranjerivierafrikaans as volwaardige literêre kode dus implisiet bevestig. Bygesê: deur Oranjerivierafrikaans in die twee bundels uitgebreid in vertelfunksie te gebruik, daag hierdie streekvariëteit die dominante vorm (Standaardafrikaans) as't ware uit en bied dit implisiet weerstand teen die oorheersing van Standaardafrikaans in literêre werke.

Met sy manier van doen vind Nel aansluiting by ander Afrikaanse prosaïste wat spreektaalvariëteite aanvullend tot Standaardafrikaans nie alleen as sitaatkodes nie, maar ook in vertelfunksie benut. In Adam Small se kortverhaal “Kanna, kô hystoe!” is die vertelling van die anonieme vrouepersonasie in die geheel in Kaaps gegiet (Hendricks 2012b:102), terwyl die vertelkode in sy kortverhaal “Klein Kytie” 'n deureenhaspeling van Standaardafrikaans en Kaaps behels (Hendricks 2010:37). Peter Snyders gebruik Kaaps in onder meer sy teks “Slegs leke” as vertel- en sitaatkode (Hendricks 2010:37). In Anastasia de Vries se prosabundel *Baie melk en twee sykers* (De Vries 2010) doen die vertelkode aan as informele Standaardafrikaans gekleur met Kaapse elemente, terwyl die sitate hoofsaaklik in Kaaps geënkodeer is. Prosatekste waarin Oranjerivierafrikaans as vertel- sowel as sitaatkode gebruik word, is onder meer Jan Spies se vertelling “Oorlidde Pa en die by” (Links en Van Zyl 1993:29–34) en Thomas Deacon se kortverhaal “Bergmannetjie” (De Vries 2012:595–9).

3.2 Die weergawe van die talige aspekte van Oranjerivierafrikaans in die bundels

In samehang met die veelvuldige gebruik van Oranjerivierafrikaans as vertel- én sitaatkode word die bundels gekenmerk deur die verrekening van 'n beduidende aantal taalverskynsels kenmerkend van hierdie streekvariëteit. Die talige sistematiek wat vanuit die bundels te abstraher is, word verderaan aan die hand van (gekodeerde) teksdata¹⁷ geïllustreer en moet gesien word as Nel se bemiddelde weergawe van Oranjerivierafrikaans – meer bepaald sy bemiddelde weergawe van die neerslag van Oranjerivierafrikaans onder bruin sprekers van die Boesmanland.¹⁸

3.2.1 Die weergawe van uitspraakverskynsels

Die talle voorbeelde van algemeen-gebruiklike uitspraakverskynsels in die twee bundels, soos klankweglating (kyk (a)(i)), ontronding ((a)(ii)), paragoge ((a)(iii)), klisis ((a)(iv)) en metatesis ((a)(v)) is implisiet 'n aanduiding daarvan dat Oranjerivierafrikaans in essensie

Praatafrikaans is en derhalwe heelwat informele stylvorme met ander Afrikaanse spreektaalvariëteite gemeen het. In terme van Preston (2010:132) se kategorisering van niestandaardspelvorme is hierdie vyf tipes algemene oftewel geografies-verbrede uitspraakverskynsels in die skrifbeeld van die bundels gerealiseer as “allegro speech forms”, d.i. niestandaardspellings wat daartoe bydra om die teks meer informeel, ontspanne te laat klink (kyk eindnota 14).

(a)

(i) “ka” < kan (Jantjie Volmoer – B1, 112), “da’em” vir darem (Piet Sauls – B1, 61), “skannes” < skandes (Mamma – B1, 84), “t’rug” < terug (Nettie Damons – B1, 97), “vlie” < vlieg (Siepie – B1, 1).

(ii) “natierlik” < natuurlik (Klaas Duiker, B1, 113), “ytlyster” < uitluister (Vaattie Slingers – B1, 36).

(iii) “gebegint” (Lya Mintoer – B1, 47), “kons”/“kôns” vir kon (Nettie Damons – B1, 95; Vaattie Slingers – B1, 31).

(iv) “dink’ie” < dink nie (Eva Maligua – B2, 29), “waar’t” < waar het (Klaas Duiker – B1, 113).

(v) “Afirkaner” vir Afrikaner (Vaattie Slingers – B1, 37), “protet” vir portret (Prens Coetzee – B2, 85).

Uitspraakverskynsels wat in die vakliteratuur as regiolekties, dus as tipiese fonologiese/fonetiese merkers van Oranjerivierafrikaans, bestempel word (kyk o.m. Van Rensburg 1989:458, Coetzee 2005:44 en Links 1989:68), is onder meer dié by (b)(i–iv). Die skryfwyse van die illustrasiedata by (b)(i–iv) kan in verband gebring word met Preston se kategorie “dialect respellings” (kyk eindnota 14). Hulle is dus niestandaardspelvorme wat tipiese regionale uitspraak weergee. Bygesê: omdat hierdie vier uitspraakverskynsels in hul samehang die tekste meer informeel, ontspanne laat klink, is hulle meer bepaald regiolektiese uitspraakvorme met ’n informelestylwaarde.

(b)

(i) Palatalisasie

tj i.p.v. k: “afstjiewelike” vir afskuwelike (Japie Kortman – B2, 48), “tjerm” vir kerm (Nettie Damons – B1, 95), “waarstjie” vir waarsku (Albert Draai – B1, 70);

sj i.p.v. g: “gesjee” vir gegee (Jokkie – B2, 83), “sjees” vir gees (Japie Kortman – B2, 95), “sjeef” vir gif (Dirk April – B1, 77).

(ii) Konsonantwisseling/assibilasie

b i.p.v. w: “bowwejaan” (Piet Goeieman – B1, 93), “soewat” (Petrus Parrang – B1, 146); d naas r: “genare” (Jan Khoemkoem – B1, 162), “tyring” (Nettie Damons – B1, 99); t naas f: “waffer” (Nettie Damons – B1, 101).

(iii) Vokaalwisseling

a i.p.v. i: “marrag” vir middag (Vaattie Slingers – B1, 37), “ywrug” vir ywerig (Prens Coetzee – B2, 93); oe i.p.v. o: “hieroener” vir hieronder (Nettie Damons – B1, 96), “oenerbroek” vir

onderbroek (Vaattjie Slingers – B1, 36); eei.p.v. ie: “breesend” vir “briesend (Prens Coetzee – B2, 92); ê i.p.v. ee: “êns” vir eens (Lya Mintoer – B1, 49); êi.p.v. e: “hêller” vir helder, “tjên” vir ken (Siepie – B1, 7); ô i.p.v. oo: “ôk” vir ook (Saul Montsinger – B1, 17); ô i.p.v. o: “kôns” vir kon (Vaattjie Slingers – B1, 31); j i.p.v. ui: “strikkel” vir struikel (Siepie – B1, 10); eu i.p.v. u: “speul” vir spul (Siepie – B1, 14).

(iv) Verafrikaansing van Engelse klanke/woorde

“keraats”/“kiraats” vir garage (Vaattjie Slingers – B1, 34, 39); “skêffel” vir scaffle (Vaattjie Slingers – B1, 35); “snêps” vir snaps (Prens Coetzee – B2, 85); “jomper” vir jumper (Jan Khoemkoem – B1, 161); “soppieng” vir shopping (Petrus Parrang – B1, 142).

Die teksdata by (c) is voorbeelde van Preston (2010:132) se kategorie “eye-dialect”-vorme, d.w.s. ortografiese aanpassings wat dieselfde uitspraak as die standaardkwalente verteenwoordig (kyk eindnota 14). Hoewel hierdie voorbeelde ten opsigte van skrifbeeld die indruk van informaliteit en/of regionaliteit in die hand mag werk, is hulle wesenlik variasietaalkundig onbeduidend, omdat hulle nie werklike dialektiese of sosiolektiese uitspraak verteenwoordig nie.

(c) “blyt” vir blade (Vaattjie Slingers – B1, 36), “ghryfjaart” vir graveyard (Jokkie – B2, 83), “rievirs” vir reverse (Siepie – B1, 10).

3.2.2 Die weergawe van grammatiese verskynsels

’n Hele aantal van die morfologiese verskynsels by (d)(i–v) en die sintaktiese verskynsels by (e)(i–vii) kan op grond van die vakliteratuur as tiperend van Oranjerivierafrikaans bestempel word (kyk o.m. Van Rensburg 1989:458-460 en die ander bronne gemeld in 3.3).

(d)

(i) naamwoorde op -ing

“affêring” vir affêre (Gert Links – B1, 76; Lya Mintoer – B1, 49; Prens Coetzee – B2, 93); “stanning” (Japie Kortman – B2, 45); “veroorsaking” vir oorsaak (Piet Goeieman – B1, 93; Klaas Katbaard – B2, 71); “welstanings” vir welstand (Prens Coetzee – B2, 91).

(ii) Naamwoorde op -goed

“Flip Sauls-goed” (Japie Kortman – B2, 49); “Japie-goed” (Japie Kortman – B2, 48); “ma-goed” (Eva Maliqua – B2, 31); “Maikel-goed” (Petrus Parrang – B1, 145); Tjoeroe-goed (Goltros – B2, 56); Trein-goed (Goltros – B2, 58).

(iii) Meervoude op -te i.p.v. -e

“hingste” vir hingse (Jantjie Volmoer – B1, 117); “neuste” vir neuse (Siepie – B1, 14, 15).

(iv) Byvoeging van -der/-ter by adjektiewe en/of bywoorde op -er

“beterder” i.p.v. beter (Klaas Duikers – B1, 120); “eerderter” i.p.v. eerder (Jan Dos – B1, 140); “naderter” i.p.v. nader (Prens Coetzee – B2, 87); “ouerder” i.p.v. ouer (Japie Kortman – B2, 45).

(v) **Die frekwente gebruik van verkleiningsvorme (waaronder dubbele verkleinings)**
 "diejakentjie" (Nettie Damons – B1, bl.99); "musiekietjie" (Nettie Damons – B1, 99);
 "musiekietjies" (Nettie Damons – B1, 101); "kombuisietjie" (Nettie Damons – B1, 100);
 "plesiertjies" (Nettie Damons – B1, 101); "stêpsietjies" (Tommie Wieliejams – B1, 101; Nettie
 Damons – B1, 101); "dansstêpsietjies" (Nettie Damons – B1, 101); "soetaggeitjie" (Siepie –
 B1, 5); "julletjies" vir julle (Siepie – B1, 8).

(e)

(i) **Versmelting van die skakelwerkwoord "staan" met die bindpartikel "en" (stane < staan en)**

"En ek gaan ôkkie by hom ga' stane gatkruip'ie" (Jan Dos – B1, 138); "Nou kom stane praat Doeminie vinnaand met my oor salf wat aan my gestane smeer moet word" (Piet Goeieman – B1, 92); "Man, Dirk, wat het jy daar geloop stane soek?" (Gert Links – B1, 75).

(ii) **Die gebruik van se in kombinasie met persoonlike voornaamwoorde**

"Julle se": "Julle se lywe" (Booi – B1, 49); "hulle se": "hulle se wapens" (Siepie – B1, 3); "ons se/onse": "ons se kant"; "onse probleem" (Koos September – B1, 49); "U se": "U se hanne" (Prens Coetzee – B2, 88).

(iii) **Die neiging om die setsels "in" en "uit" by statiese en kinetiese werkwoorde te herhaal**

in ... in

Toe kry ek weer so bietjie vir bietjie lewe en gevoelenteit in my lyf in (Siepie – B1, 10); Die klein pes het daai jare innie Boland in ... gaan verder leer (Vaattie Slingers – B1, 32).

uit ... uit

Ek kan daai heuning ommie doodtie yt my kop yt kry nie (Siepie – B1, 5); Dis reg, hy moet brand om allie bêd lak yt my yt te vat (Vaattie Slingers – B1, 37).

(iv) **met ... saam/sam-konstruksies**

Da' staan ek ma' weer met my rug saam narie grot se bek toe (Siepie – B1, 10); Ek voel-voel so innie donkerte en voel iets koud met my hand saam raak (Siepie – B1, 10).

(v) **Die gebruik van die modale hulpwerkwoorde wil en sal as verledetydsvorme (wil i.p.v. wou; sal i.p.v. sou)**

"Dis net wat ek wil gehadit" (Siepie – B1, 15); "As Here nie wil gehad het die wind moet waai nie, da' sal die wind nie vinnaand gewaai hettie" (Piet Sauls – B1, 61); "Soos hy aangegaanit, sal jy geglo het lat hy al klaarie poorte se sleutels het" (Nettie Damons – B1, 95).

(vi) **Die gebruik van die manlike voornaamwoord hy i.p.v. sy by verwysing na vroulike persone**

"So 'n lae hyskry! Vir wat moet hy (d.i. Jannetjie Hoorn) my en my tjeeners se lewe so kom stane opmors?" (Lya Mintoer – B1, 47); "Nou dié Vytjie was 'n onhebbelike meisietjeent, ergernis vir sy mama en tata gewees (...) Niks gedoen wat 'n meisietjeent van sy ouderdom behoort te doen nie" (Eva Maliqua – B2, 29).

Grammatiese verskynsels wat in die bundels opval, maar, sover vasgestel kon word, tot nog nie in die vakliteratuur pertinent met Oranjerivierafrikaans in verband gebring is nie, omsluit dié by (f)(i–iii).

(f)

(i) Verwantskappresiserende leksikale (substantiewiese) vokatiewe

"Ag, foeitog, dit was darem nie 'n lekker ding wat my ma se broer oorgekom hettie" (Willem Makatees teenoor sy oom Jan Khoemkoem – B1, 161);

"So hoenderkop-hoenderkop is ek die vreemtes in, my suster se tjeent" (Jan Khoemkoem teenoor Willem Makatees – B1, 159).

(ii) Die gebruik van die spreker se noemnaam i.p.v. "ek"/"my" by selfbenoeming

"Drink nou als mooi yt vir Booi, lattie vylgoet ka' ytkom. Da' vat Ma nog hierie twee bottels ôk saam, ene vir Ma en ene vir Mannetjie. Julle moet als mooi ytdrink. Sê vir Booi ja?"

"Booi moet nou eers vir jou en jou tjeent skoonmaak. Dit sal R150 kos; da' moet Booi ôk oor twee weke julle se hys ga' skoonmaak. Julle sal moet vir Booi kom haal. Ommie hys skoon te maak, sal R300 kos. Sê vir Booi ja?" (Booi teenoor Lya Mintoer – B1, 47, 49).

(iii) Nadruklike werkwoordherhaling

"Ingespan kry jy hulle nie ingespan nie" (Jantjie Volmoer – B1, 115); "ma kopgee wil hy nettie kopgee nie" (Prens Coetzee – B2, 88); "Uitlos wil sy nie die ou lelike Stoffel Boks uitlossie" (Jokkie – B2, 77).

3.2.3 Ander taalverskynsels

Ander gedokumenteerde taalverskynsels met 'n beduidende gebruiksfrekwensie omsluit interessante leksikale gebruike (kyk (g)(i–x)), uitdrukkingstipes ((h)(i–iv)), interessante tussenwerpsels ((i)), volksetimologiese omvorming van standaardtaalitems ((j)(i–ii)), onomastiese verskynsels ((k)(i–iii)), die gebruik van respekjinjale ((l)(i–iii)) en die benoeming van wit personasies om sosiale afstand te kenne te gee ((m)(i–ii)).

(g)

(i) Interessante naamwoordelike gebruike

"Bojaanjongtjêrel en -jongmeisie" (Jokkie – B2, 74); "doendinge" vir verkeerdhede (Albert Draai – B1, 68; Hendrik Tarentaal – B1, 153); "droëpram" (primêre verteller – B1, 59); "hyskrys" (< huiskruis) vir 'n oorlas, laspos by jou huis (Lya Mintoer – B1, 45); "kêrel"/"tjêrel" vir 'n wit werkgewer (Gertjie Links – B1, 127; Japie Kortman – B1, 45); "kêrelbok" vir bokram (Jan Dos – B1, 128); "kêrel-/tjêreltjeent" vir seunskind (Hendrik Tarentaal – B1, 153; Jokkie – B2, 75); "klossie" vir buitetoilet (Trein Wilskut – B2, 58); "krankemente"/"mankemente" vir siektes/gebreke (Piet Goeieman – B1, 91; Dirk April – B1, 81); "mannetjiestjeent" vir seunskind (Jan Dos se ma – B1, 121; Hendrik Tarentaal – B1, 153).

(ii) Interessante werkwoordgebruike

"bul lê" vir leeglê (Japie Kortman – B2, 44); "hakke-triep" vir pootjie (Japie Kortman – B2, 49); "moraak" (< moerak) vir aanrand/slaan (Siepie – B1, 3; Vaatjie Slingers – B1, 32); "ravort" vir ravot (wild speel) (primêre verteller – B2, 22); "rewien en ravort" (Jokkie – B2,

78); "verongeluk" vir seermaak (Doortjie – B1, 151).

(iii) Toevoeging van -e tot werkwoorde

"beginne" vir begin (Nettie Damons – B1, 97); "verêrre" vir vererg (Piet Tieties – B2, 41); "wôrre" (< worde) vir word (Siepie – B1, 9).

(iv) Opvallende bywoordelike gebruike

"asse-Here-seblief" vir asseblief (Els Storm se ma – B1, 54; Dirk April – B1, 78; Hendrik Tarentaal – B1, 150); "enik"/"eniklik" vir eintlik (Siepie – B1, 4; Jantjie Volmoer – B1, 116; Koos September – B2, 49; Nettie Damons – B1, 97); "naand" vir naderhand/later (Nettie Damons – B1, 97, 103).

(v) Interessante gebruik van adjektiewe

"kaaipastig"/"kaaipastage" vir kamma: "Kaaipastig die moer in vir ou Rondorder" (Jan Khoemkoem – B1, 157), "(die) kaaipastage nagloper of wese" (Japie Kortman – B2, 46); "kokaai" vir onsmaaklik: "Die kos is kokaai" (primêre verteller – B1, 58); "kweperbekwaam" vir geslagsryp (Nettie Damons, B1, 97; Eva Maliqua – B2, 29); "onbruikbaar"/"ongerekent"/"ongeteweld" vir stout/onbeskof (Petrus Parrang – B1, 143; Hendrik Tarentaal – B1, 150; Jan Dos se ma – B1, 126; ant Piet – B2, 20); "spuls" vir laf: "Is die blêrrie mannetjie da nou spuls?" (ant Piet – B2, 19).

(vi) Interessante voegwoordelike gebruike

"terwylsma" vir terwyl (Vaattie Slingers – B1, 34; Jan Dos – B1, 133).

(vii) Gebruiklike swetstaalitems

"beesdrol" (Jan Khoemkoem – B1, 160); "beskyt" (Jan Khoemkoem – B1, 159); "bliksems" (Vaattie Slingers – B1, 35); "donner"/"dônnerse" (Vaattie Slingers – B1, 32; Piet Goeieman – B1, 94); "fokken" (Vaattie Slingers – B1, 32; Hennie Tarentaal – B1, 147); "gat afvee"/"gat lek"/"gat maak" (Vaattie Slingers – B1, 33, 42); "Jirre" < Here (Vaattie Slingers – B1, 38, 40, 41), (Piet Goeieman – B1, 93); "kak" (Vaattie Slingers – B1, 32, 34; Albert Draai – B1, 70); "moer" (Piet Goeieman – B1, 92; Hennie Tarentaal – B1, 147); "moerskont" (Albert Draai – B1, 70); "pis" (Vaattie Slingers – B1, 37; Albert Draai – B1, 70); "poepolle" (Piet Goeieman – B1, 93); "skyt" (Vaattie Slingers – B1, 32); "spuls" (Vaattie Slingers – B1, 39, 40, 42); "stront" (Piet Goeieman – B1, 91; Hendrik Uithaler – B1, 65).

(viii) Die invleg van ou woordvorme

"blo" vir belowe (Piet Tietes – B2, 40); "hoeka" (Saul Montsinger – B1, 17); "kooi" vir bed (Siepie – B1, 7; primêre verteller – B1, 60).

(ix) Die invleg van Khoekhoense woorditems

!xthorro ("gesels"): "Ag, ek wil sommer maar net 'n bietjie met jou !xthorro" (B1, 174); !xthwa ("sê"): "Is dit wat Ta gelxthwa het, oudste?" (B1, 179); !xthom(vleis) ("maalvleis"): "hy sal !xthomvleis van hom maak as hy net weer sy voete in die Grigriquas se kraal sit" (B1, 182); "!xthypkas" ('n kruiesoort) (Ghoen – B1, 26).

(x) Reduplikasies

"Daai heuninglus lat my so skytbang-skytbang regyt na daai grot toe loop" (Siepie – B1, 7-8); "Ek loer toe sobang-bang in daai skerp lig in" (Siepie – B1, 9); "Jy hoor toe net hoe val hulle doemps-doemps neer, kompleet soos klippe" (Siepie – B1, 9); "En ek vat sommer sukke hanne-hanne vol koels" (Siepie – B1, 13).

(h)**(i) Tydsuitdrukings**

"alleen dan en dan alleen" (Prens Coetzee – B2, 93); "daai god se môre" (Vaattie Slingers – B1, 32); "daai wêrrie symste aand" (Vaattie Slingers – B1, 35); "elke godse nag" (Hennie – B1, 149); "hierso mettie Boereoorlog se tyd" (Japie Kortman – B2, 47); "môre, oormôre" (Hennie – B1, 149); "nog met staanson" (Nettie Damons – B1, 99); "oordags" (Siepie – B1, 3); "smôrs vroemôre" (Jantjie Volmoer – B1, 115); "snags laatnag" (Jantjie Volmoer – B1, 115); "van al my geborende dag af" (Vaattie Slingers – B1, 36); "vidag se dag" (Siepie – B1, 3); "vidag se dae" (Prens Coetzee – B2, 89); "daar innie voortydyd" (Vaattie Slingers – B1, 37); "vuilstjemer" (Petrus Parrang – B1, 145).

(ii) Geïdiomatiseerde uitdrukings

"glad en geheel (en al)": "Maar by my was hulle glad en geheel geweesie" (Sampie Mouers – B1, 106), "Hy moet glad en geheel en allie dink ons kom kuier vir hom nie" (Hans Belelie – B1, 16); "knieë en elmboë" (= "sukkelend"): "dansit knieë en elmboë om aanie lewe te bly tot Vrydags toe" (Vaattie Slingers – B1, 35), "Ons anner is net knieë en elmboë soos ons rondval" (Piet Goeieman, 93); "soos ka kom": "Dis so teenie Bywel ennie tjêrkleer soos ka kom" (Gert Links – B1, 79), "En toe's daai Sustertjie weer so steeks soos ka kom" (Oom Jokie – B2, 81); "werrie/wêrrie einste/symste": "In daai wêrrie einste grot" (Siepie – B1, bl.7), "Op hier'ie wêrrie symstepad" (Piet Goeieman – B1, 93).

(iii) Uitdrukings met -asem

"'n slegasem sos jy" (Hans van Rooi – B1, 63); "daai slegasem vanne Sampie" (Doortjie – B1, 105); "die oudronkasem vanne Kong" (Dirk April – B1, 81).

(iv) Argaisiese uitdrukings

"des doods" (Prens Coetzee – B2, 93); "desjare" (Siepie – B1, 5); "einde te laaste" (Jan Khoemkoem – B1, 160); "half te vrekte" (Japie Kortman – B2, 48); "half ten vrekte" (Piet Goeieman – B1, 93); "my dag des lewens" (Siepie – B1, 10; Jantjie Volmoer – B1, 111); "ten vrektens toe" (Jantjie Volmoer – B1, 118); "weet te vertelle" (Jantjie Volmoer – B1, 110; Goltros – B2, 58).

(i)**Interessante tussenwerpsels**

"O nee, dooiër, oompie, suffel pyn sal ek nooit kan verdra nie" (Willem Makatees – B1, 161); "Nee, o jeefrie! So lank bly ekkie van my mens affie" (Willem Makatees – B1, 163); "Jerusalem! My oom!" (Willem Makatees – B1, 158); "En ek skrou! Ma se melk, ek skrou lat die wêreld antwoord gee" (Jan Khoemkoem – B1, 157).

(j)**(i) Omvorming van name**

Persoonsname: "Krismans" vir Christiaans (Vaattie Slingers – B1, 36); "Wieliejams" vir Williams (Nettie Damons – B1, 100)

Plekname: "Skelmbos" vir Stellenbosch (Vaattie Slingers – B1, 32)

Bybelname: "Antie Kris" vir Anti-Chris (Klaas Katbaard – B2, 73); "Satrag, Mensag en

Albertnege" vir Sadrag, Mesag en Abednego (Neels Warmjas – B2, 72)

Dagname: "Satrag" vir Saterdag (Vaattjie Slingers – B1, 36; Katriena Sekels – B1, 106; Sampie Mouers – B1, 106)

Hospitaalname: "Groot Skeer" vir Grootte Schuur (Jan Khoemkoem – B1, 160)

Geweername: "Tienie Hennerie" vir Martini-Henry (Siepie – B1, 13).

(ii) Omvorming van substantiewiese items

"insekte" vir sektes (Gert Links – B1, 75); "kenarie" vir penarie (Albert Draai – B1, 72); "(praat onner) konneksie" vir (praat onder) korreksie (Oom Isak – B1, 83); "samsuur" vir sensuur (Gert Links – B1, 78; Nettie Damons – B1, 97); "terjaken" vir diaken (Albert Draai – B1, 70).

(k)

(i) Benoeming d.m.v. diminutiewe

Antjie < Anna: Antjie Taaibos (B2, "n Mensbojaan word gevebrand"); Appie < Abraham: Appie Beeselaar (B1, "Die tentdienste"), Appie Jors (B2, "Net 'n bietjie reent voor Krismis"), Appie Konstawel (B1, "Ingesny vir luck"); Gertjie < Gert: Gertjie Links (B1, "Jan Dos"); Grietjie < Magrieta: Grietjie Minies (B2, "n Mensbojaan word gevebrand"); Hennie < Hendrik: Hennie Sekels (B1, "Holpiet in Gomorra"), Hennie Tarentaal (B1, "Ultimatum aan 'n diknek"); Hessie < Hester: Hester Mathys (B1, "Jan Dos"); Japietjie < Jakob: Japietjie (B1, "Die Kerrieafval"); Kotie < Katriena: Kotie Sekels (B1, "Holpiet in Gomorra"); Kowie < Jakobus/Koos: Kowie Steenkamp (B1, "In en om die kerk"); Mattie < Martha: Mattie Verhoog (B2, "Jou oë sal vir jou 'n ding wys"); Nettie < Janetta: Nettie Damons (B1, "Holpiet in Gomorra"), Nettie Volmoer (B1, "Ultimatum aan 'n diknek"); Tienie < Martiens: oom Tienie (B1, "Die spook wat oujongkêrels maak"); Vytjie < Sofia/Sofie: Vytjie Olfant (B2, "Waterslang vat vrou").

(ii) Benoeming d.m.v. byname

Voornaamverdringende byname

Duif: Duif Hoorn (B1, "Sê Booi lieg?"); Gansie: Gansie Makkepan (B2, "Die stryd tussen lig en duisternis"); Holpiet: Holpiet Slambee < Petrus Slambee (B1, "Holpiet in Gomorra"); Kong: Kong Verhoog (B1, "Die tentdienste"); Vaattjie: Vaattjie Slingers < Frans Slingers (B1, "Ingesny vir luck"); Wielietjies: Wielietjies Hoorn (B1, "Sê Booi lieg?").

Aqternaamverdringende byname

Brood: oom Koos Brood (B1, "Die Ding?"); Hoppies: Gert Hoppies < Gert/Sjert Koenana (B2, "Mafoiing"); Katbaard: Klaas Katbaard (B2, "Die openbaring"); Koeitjie: Frans Koeitjie (B1, "Die tentdienste"); Konstawel: Appie Konstawel (B1, "Ingesny vir luck"); Pêrewagter: Pietie Pêrewagter (B1, "Ingesny vir luck"); Warmjas: Neels Warmjas (B2, "Die openbaring"); !Xthoe: Willem !Xthoe (B2, "Net 'n bietjie reent voor Krismis").

(iii) Khoi-benaminge / benaminge van Khoi-oorsprong

Khoi-Khoistamname op -quas

Gariguriquas (B1, 172), Attaquas (B1, 172), Gonnoquas (B1, 172), Grigriquas (B1, 172).

Benaminge vir 'n lid van 'n Khoi-Khoi-groepering op -kwa

Griekwa (B1, 38).

Khoi-voornamen en -agternamen op -qua

Briqua (B1, 175), Hesqua (B1, 175), Eva Maliqua (B2, 28).

(I)**(i) Informele respektitels**

ant: ant Hannie (B2, "n Langasem vat Broertjie se asem"), ant Kowa (B2, "Koelie rooiog"), ant Doortjie Grootetjie (B1, "Sampie se skoene"); antie: antie Nettie Damons (B1, "Holpiet in Gomorra"); ma: Ma Gysie (B1, "Die Ding?"); neef: neef Piet (B2, "Klein Stoffeltjie se sielietjie"), neef Vaatjie (B1, "Ingesny vir luck"); niggie: niggie Poppie (B1, "Ta Poppie en die proponent"); oom: oom Karools (B1, "Die Ding?"), oom Japie Kortman (B2, "Keelafsnay se spook"); ouma: ouma Bet (B2, "Oupa Klaas Miggel se pakkies"); ouma Eva Maliqua (B2, "Waterslang vat vrou"); oupa: oupa Albert (B1, "Die Ding?"), oupa Piet Sauls (B1, "In en om die kerk"); ous: ous Kebêties (B2, "Klaas bul se tjeent"); swaer: swaer Klaas (B1, "Die Kerrieafval"); ta: ta Poppie (B1, "Ta Poppie en die proponent"); tannie: tannie Eva (B1, "n Aantreklik mens").

(ii) Formele titels as respektinialeTitels vir predikante

dominee/doeminie: Dominee Jonkers (B1, "n Ong'luk byrrie Prambêrre"), doeminie Le Roux (B1, "Ta Poppie en die proponent"); eerwaarde: eerwaarde Saul Damon (B1, "Ta Poppie en die proponent"); proponent: proponent Cupido (B1, "Ta Poppie en die proponent").

Titels vir kerkraadslede

broer: broer de Wee (B1, "Ultimatum aan 'n diknek"), broer Slingers (B1, "Ultimatum aan 'n diknek"), broer Tarentaal (B1, "Ultimatum aan 'n diknek"); ouderling: ouderling Slingers (B1, "Ultimatum aan 'n diknek"); hoofouderling: hoefouderling Beukes (B1, "Holpiet in Gomorra").

Titels vir gewone lidmate

broer: broer April (B1, "Ta Poppie en die proponent"), broer Prens (B2, "Die stryd tussen lig en duisternis"), broer Rosekrans (B1, "Ta Poppie en die proponent"); suster: suster Anna (B1, "In en om die kerk"), suster April (B1, "Ta Poppie en die proponent").

Titels vir onderwysers

meneer: meneer Jansen (B1, "Ta Poppie en die proponent"); meester: meester Bruinders (B1, "Die Ding?"), meester Sauls (B2, "Die stryd tussen lig en duisternis"), meester Seconds (B2, "Koelie rooiog"), meester Dirk September (B2, "Oupa Klaas Miggel se pakkies").

(iii) Die gebruik van sydelingse leksikale vokatiwe in die plek van voornaamwoordelike vokatiwe as respektiniale

"Ai, al loop oompie vidag met 'n hoepelbeen, is oompie mos darem weer by ons. Nou't oompie ôk goeters gesien en gehoor wat ons nooit sal sien en hoor nie" (Willem Makatees teenoor sy oom Jan Khoemkoem – B1, 163-164); "Het oom Japie da'em gereë virrie soutkantjie?" (Dirk Persens teenoor oom Japie Kortman – B2, 45); "Ma oom Japie-goed moet ma versigtig wees. Die ou Duitster se sjees is boos en hy maak mense seer" (Flip Sauls teenoor oom Japie Kortman – B2, 48); "Assie tjêrels nourie beste span wil hê, da moetie tjêrels marie beste prys ôk betaal" (oom Japie Kortman teenoor twee plaaseenaars, Basjaanse en Van Nietjêrk – B2, 45).

(m)

(i) **Agternaamgewyse benoeming van individue**

Bastiaanse (van die plaas Jagdrif) (B2, "Keelafsný se spook"), Van Nietjêrk (van die plaas Keelafsný) (B2, "Keelafsný se spook") en Won Broeken (van die plaas Edelwaais) (B2, "Keelafsný se spook").

(ii) **Substantiewiese benoeming**

"daai bloemen boer" (Vaattie Slingers – B1, 31), "daai boerklong" (Vaattie Slingers – B1, 32), "die klein pes" (Vaattie Slingers – B1, 32), "daai klóng" (Vaattie Slingers – B1, 32), "een vannie boerklommeidjies" (Vaattie Slingers – B1, 33), "die rooibek" (Vaattie Slingers – B1, 34), "die blierrie rooibek soos 'n bojaanspinnekop" (Vaattie Slingers – B1, 34), "die ou gryskop" (Jan Khoemkoem – B1, 160), "ou Kool se vrou" (Jan Khoemkoem – B1, 158), "ou Kool se klóng" (Jan Khoemkoem – B1, 163), "die blêrrie boermeid!" (Ta Poppie – B1, 88).

3.3 Beoordeling van Nel se weergawe van die talige aspekte van Oranjerivierafrikaans

Nel se weergawe van die talige aspekte van Oranjerivierafrikaans is om veral twee redes as geloofwaardig en outentiek te bestempel, en as waardevolle variasiedata. In die eerste plek is dit opvallend dat die idiolekte van die verskillende personasies wat Oranjerivierafrikaans praat, sterk ooreenkomste en/of kohesie toon. Talle taalverskynsels wat by 3.2.1 tot 3.2.3 aangestip is, kom naamlik by meer as een sekondêre verteller en/of spreker voor. Die verskynsels oortuig dus op grond van hul dialektiese eerder as idiolektiese status.

Die sterkste argument ten gunste van 'n werklikheidsgetroue weergawe van Oranjerivierafrikaans in die bundels berus op die empiriese fundeerbaarheid van die geïntegreerde taalvormlike aspekte. Heelparty van die taalverskynsels wat deur Nel geboekstaaf is, word in taalkundige en variasietaalkundige werke uitgewys as tiperend van Griekwa-Afrikaans en ander subvariëteite van Oranjerivierafrikaans, oftewel van die Noord-Kaap en gebiede noord van die Oranjerivier. Hieronder ressorteer die frekwente gebruik van onder meer palatalisasie (Van Rensburg 1989:458; Coetzee 2005:44, 45, 46), assibilasie (Coetzee 2005:44, 47), verafrikaanste Engels (Links 1989:68-69; Coetzee 2005:44), naamwoorde op *-ing* (Van Rensburg 1989:459), naamwoorde op *-goed* (Links 1989:31-2; Van Rensburg 1989:459; Coetzee 2005:43, 44, 45), verkleiningsvorme (Links 1989:34-6; Van Rensburg 1989:459), skakelwerkwoordkonstruksies (Links 1989:76-8; Van Rensburg 1989:459; Van Rensburg 1998:164), se in kombinasie met persoonlike voornaamwoorde (Van Rensburg 1989:460; Coetzee 2001:22), konstruksies waarin die voorsetsels *in* en *uit* herhaal word (Van Rensburg 1989:459; Coetzee 2001:25), *met ... saam*-konstruksies (Coetzee 2001:25; Coetzee 2005:45, 47), die manlike voornaamwoord *hy* om na vroulike persone te verwys (Links 1989:80), byname (Links 1989:41-3; Coetzee 2005:47) en Khoi-items (Links 1983:325-32; Links 1989:61-7).

Enkele verskynsels wat deur Nel aangestip is, word in woordeboeke en naamkundige werke pertinent met die Boesmanland en ander naasliggende Noord-Kaapse gebiede verbind:

- Carstens (1989:217, 2003:290) verbind die gebruik van die werkwoord "moraak" oftewel "moerak" vir "aanrand, slaan" (kyk 3.2.3 (g)(ii)) pertinent met die Boesmanland.
- Die lemmas "kêrelbok" en "kêrelkind" (3.2.3 (g)(i)) word in die *WAT* (V:509) met die Noord-Kaap verbind: "kêrelbok. (gewest.) Bokram: Hulle sê ook kjêrelmens vir 'n

mansmens, kêrelkjend vir 'n seunskind en kjêrelbok vir 'n bokram (opgeteken in Namakwaland deur J. von Molte)."; "kêrelkind. (nie alg.) Kind, baba v/d manlike geslag; [opgeskote] jong seun; jongetjies-, seunskind, seunsbaba: (...) (Ook opgeteken i/d Sandveld, in N.Kaapland (Kakakamas, Hopetown, Douglas) en in Namakwaland (Vredendal, Vanrhynsdorp, Nieuwoudtville, Garies, Springbok)."

- Naamgewingstendense soos bynaamtoedigting en die frekwente aanwending van diminutiewe voornaamderivate (3.2.3 (k)(i) en (ii)) is ook tipies van die Hantam, 'n buurstreek van die Boesmanland (Hendricks 1997).

Voorts is die outentisiteit van Nel se weergawe van Boesmanlandse taalverskynsels ook vanuit my eie ervaring te verdedig. Taalverskynsels soos die volgende wat in die bundels as Boesmanlands voorgehou word, is naamlik ook gebruiklik in die Hantam waar ek my vormingsjare deurgebring het: die leksikale items boiaanjongkêrel (kyk 3.2.3 (g)(i)), hyskry (< huiskruis) (3.2.3 (g)(i)), kêrelbok (3.2.3 (g)(i)), hakke-triep vir pootjie (3.2.3 (g)(ii)), ravort/ravot vir wild speel (3.2.3 (g)(ii)), verongeluk vir seermaak (kyk 3.2.3 (g)(ii)), enik vir eintlik (3.2.3 (g)(iv)), naand vir naderhand (3.2.3 (g)(iv)) en ongeteweld vir onbeskof/stout (3.2.3 (g)(v)), asook die uitdrukkings daai godse môre (3.2.3 (h)(i)), vidag se dae (3.2.3 (h)(i)), knieë en elmboë (3.2.3 (h)(ii)) en soos ka kom (3.2.3 (h)(ii)).

Nel se weergawe van taalverskynsels bring mens ook op die spoor van die impak van Khoi op Afrikaans en op Oranjerivierafrikaans in die besonder. Khoi-invloed of moontlike Khoi-invloed op taalverskynsels kenmerkend van Oranjerivierafrikaans word volgens navorsers in onder meer die volgende bevindinge weerspieël:

- Die element -goed in naamwoorde soos dié by 3.2.2 (d)(ii) ("Japie-goed", "ma-goed") is te herlei tot die Khoi-kollektiefsuffiks -gu/-ku (Links 1989:31–2, Van Rensburg 2012:2).
- Die uitgang -kwa(s)/-qua(s) in benaminge vir Khoi-Khoi-groeperinge of vir 'n lid van hierdie groeperinge (Attaquas, Gonnoquas, Griekwa), voorname (Briqua, Hesqua) en agtername (Eva Maliqua), soos aangestip by 3.2.3 (k)(iii), is terug te voer tot 'n kombinasie van die Khoi-kollektiefsuffiks -gu/-ku en die akkusatiefuitgang -a (Van Rensburg 2012:2).
- Die se-formans wat in genitiefkonstruksies met 'n voornaamwoord kombineer (julle se, hulle se, onse, u se), korreleer met die Khoi-bousel di (Links 1989:83, Van Rensburg 2012:149).
- d/r-wisseling soos in die gevalle by 3.2.1 (b)(ii) (genade x genare, tyding x tiring) is 'n verskynsel wat deur die Khoi-klanksisteem in die inlautposisie van woorde toegelaat word (Van Rensburg 2012:150–1).

Die talle voorbeelde van empiries-kontroleerbare verskynsels in Nel se weergawe van Oranjerivierafrikaans is aanduidend van die outentisiteit van sy weergawe en daar kan aan geen rede gedink word waarom mens die outentisiteit van gegewens soos dié by byvoorbeeld 3.2.2 (f)(i–iii), die gebruik van die voegwoord terwylsma (3.2.3 (g)(vi)),

uitdrukkings met -asem (3.2.3 (h)(iii)) en die tussenwerpseltipes by 3.2.3 (i) wat, sover vasgestel kon word, tot dusver nie variasietaalkundig bevestig is nie, hoef te betwyfel nie.

Nel se oorwegend outentieke weergawe van die talige karakter van Oranjerivierafrikaans weêrlê die opmerking van Van Rensburg (1989:455) dat literêre werke waarin Oranjerivierafrikaans neerslag gevind het, nouliks as 'n betroubare databasis vir variasietaalkundige studies oor hierdie historiese variëteit te bestempel sou wees.

Soos blyk uit die uiteensetting van taalverskynsels in 3.2.1–3.2.3, word Oranjerivierafrikaans deur Nel voorgedra as 'n talig genuanseerde variëteit wat fonologies/foneties, leksikaal, grammaties en onomasties gemerk is. Hierdie genuanseerde kensketsing staan implisiet in diens van die demarginalisering van Oranjerivierafrikaans én van die kultuurinhoud waarvan dit draer is.

4. Tekstuele integrasie met ander Afrikaanse variëteite

Soos aangetoon, besig die sprekers wat deur die primêre en sekondêre vertellers in die direkte rede aan die woord gestel word, in die meeste gevalle Oranjerivierafrikaans. In twee tekste, t.w. "Die kelder se slot" en "Die kerrieafval" in *Iets goeds uit Verneukpan?*, word sprekers van Oranjerivierafrikaans in kontak gebring met sprekers van ander Afrikaanse variëteite. Hierdie twee tekste het plekke anders as die Boesmanland as storieruimte. In "Die kelder se slot" word die storiegebeure (soos verwoord deur die sekondêre verteller Petrus Parrang) verplaas na 'n Bolandse wynplaas, "Eetenwyl" (waarskynlik "Edenvale"). "Die kerrieafval" handel weer oor 'n reis wat die primêre verteller en sy skoonpa deur 'n deel van Namakwaland onderneem, op soek na 'n slagding. 'n Belangrike konsekwensie van hierdie ruimtelike verplasing is dat, naas Oranjerivierafrikaans en Standaardafrikaans, die variëteite Kaaps en Swartafrikaans as spreekodes aangewend word.

In "Die kelder se slot" wei Petrus Parrang uit oor hoe hy deur 'n groepie "vrek stjêlm" Bolandse plaaswerkers onder leiding van ene Maikel uitoorlê is en gevolglik deur die wynboer geslaan en weggejaag is. In sy vertelling konstrueer hy gespreksituasies waartydens hy spreekbeurte aan homself en Maikel toestaan. Tydens sy spreekbeurte handhaaf Parrang strykdeur Oranjerivierafrikaans. Wat opval, is o.m. sy veelvoudige gebruik van stane as skakelwerkwoord soos in "Ma' ons ka' mossie wil ga' stane inbreekie!" (B1, 143). Maikel, daarenteen, word konsekwent die variëteit Kaaps oftewel Kaapse Vernakulêr-Afrikaans (Du Plessis 1987:130) in die mond gelê. Tipiese kenmerke van Kaaps (soos gerealiseer in Maikel se spreekbeurte) sluit onder meer die volgende in:

- klankverskynsels soos vokaalverhoging (wiet, wies, oek vir weet, wees, ook) en die affrisering van j tot dj (djy, djou)
- die spontane invleg van (dikwels verafrikaanste) Engelse woorde (warrie, wykap, ienwolf, dienaai vir worry, wake-up, involve, deny) en kenmerkende uitdrukkings ("Ons wiet hoe omie biet te ran" < "We know how to run the beat"), "Djy moet nettie bos lossie", "da' ga' ek ennie anner ouens uitie pen uit spring")
- die morfologiese inbedding van Engelse woorde (geêkspek)

- die gebruik van "my bra" en "my ou" as disjunkte vokatiwe: "Ek het dit da'emie van djou geêkspek om soe die lanie in te loepie, my bra (B1, 145), "Ek sê, my ou, djy moet wykap wies (...)" (B1, 144)
- die gebruik van "die ou" as sydelingse vokatief: "Willie ou nie saam gaan nie?" (B1, 143). In "Die kerrieafval" word die verteller en sy skoonpa tydens hul reis deur Namakwaland in kontak gebring met oupa Richard Mnye, 'n swart man wat op ene John Cloete se plaas werk en wat vroeër 'n kontrakwerker in die kopermyne van Namakwaland was. Oupa Mnye, wat deur die verteller as Madalla aangespreek word, se idiolek is verteenwoordigend van Swartafrikaans. Oupa Richard se gesiteerde uitings weerspieël die verrekening van enkele leksikale en sintaktiese verskynsels kenmerkend van hierdie variëteit:
- die invleg van leksikale items uit die moedertaal, asook aangeleerde vorme: "andiyasie", "tatta", "pikkanien", "umlungu", "amapolies" en "mali"
- die herhaaldelike aanwending van die leksikale item "fokkol" (= "niks"): "Ek weet niks wannir daai Cloet hy sal t'rug. Hy sê fokkol vir my (...) Hy los ôk fokkolie kos vir Richard, net sommer geloop (...) Twee dag ek het fokkolie kos, net daai meel (...)" (B1, 169)
- nienadruklike onderwerpsresumering (Hendricks 1988:113) oftewel die hervatting van menslike en niemenslike onderwerpe met die voornaamwoord hy (Van Rensburg 1997:40):

"Die koper hy's fokkolie daar by die grondtie" (B1, 169)
 "Daai umlungu hy willie gee die ander werk (...) Al daai mense hy soek hom daai pass (...) Daai Cloet hybring my hierso hierso by sy plaas" (B1, 170)
- woordvolgordevariasie, gekombineer met woordweglating:

"Nee, hy't geloop daar by die Kaap, is nette Richard wat is hiersoe (...) Hy sommer net loop daar by die Kaap" (B1, 169)
 "Daar by my land ek baie geloop met die bees en die bok" (B1, 170)
- die plasing van die voornaamwoord hom voor die voorwerp:

"Ek sien jy lag soos ek praat hom jou taal (...) Al daai mense hy soek hom daai pass (...) Ek ken hom van werk met die skaap en die bok (...)" (B1, 170).

Hierdie talige kenmerke van Kaaps en Swartafrikaans rym grootliks met gedokumenteerde variasietaalkundige bevindinge, maar die verrekening daarvan is minder genuanseerd as in die geval van Oranjerivierafrikaans, en wel as uitvloeisel van die groter prominensie wat in die bundels aan laasgenoemde verleen word. Tipiese talige kenmerke van Kaaps, soos postvokaliese /r/-weglating (vi' i.p.v. vir), homorgane klustervereenvoudiging (mon'i.p.v.

mond) en swa-verlaging (gaspeel i.p.v. gespeel), word nie in “Die kelder se slot” betrek nie. In “Die kerrieafval” word uitspraakverskynsels soos die volgende, wat volgens Van Rensburg (1989:461) kenmerkend van Swartafrikaans is, nie in die gesiteerde uitings van oupa Richard verreken nie:

- vokaaluitsprake soos a i.p.v. e (bv. gakry, gasien, gasê en gabeur i.p.v. gekry, gesien, gesê en gebeur), o i.p.v. e (bv. vorby, vorstaan en vorgeet i.p.v. verby, verstaan en vergeet) en e i.p.v. i (bv. skrek, kent en es i.p.v. skrik, kind en is)
- konsonantuitsprake soos b i.p.v. w (bv. benkel en berk i.p.v. winkel en werk) en t i.p.v. d (bv. trie en tronki i.p.v. drie en dronk).

Die aansnyding van hierdie twee Afrikaanse variëteite in die bundels het as nuwe-effek die uitlig van die talig-onderskeidende aard van Oranjerivierafrikaans.

5. Die sosiolinguistiese inkleding van vertellings

Nel se weergawe van die talige situasie in die Boesmanland en omliggende gebiede behels ook 'n verrekening van sosiolinguistiese waarnemings. Die Boesmanland word in die bundels uitgebeeld as 'n streek wat talig gekenmerk word deur 'n wisselwerking tussen Oranjerivierafrikaans as regiolek en Standaardafrikaans. Die personasies verskil onderling rakende gebruiksbeheer oor en/of gebruiksvoorkeur vir hierdie twee Afrikaanse variëteite en gebruik ooreenkomstig 'n bepaalde sosialestrukturering.

5.1 Sentraalstelling van Standaardafrikaans as sitaatkode

Die gebruik van Standaardafrikaans as sitaatkode in die bundels rym met die variëteitaalkundige beginsel dat beheersing van standaardtaal direk korreleer met 'n hoë graad van geleterdheid en dat formele situasies die gebruik van formele taal kondisioneer. Dienooreenkomstig besig sowel meneer Jansen (die skoolhoof) as proponent Cupido in “Ta Poppie en die proponent” Standaardafrikaans in hul toesprake ten tye van die amptelike verwelkoming van Swartkop se eerste bruin proponent:

- "Proponent Cupido, dit is vir ons 'n besondere voorreg en eer om u hier in die boesem van ons gemeenskap te verwelkom. Nog groter is die eer omdat u die eerste seun uit ons geliefde NG Sendingkerk is wat hier by ons aandoen (...) Net jammer dat ons u nie nou na ons gemeente kan beroep nie (...) Ons vertrou egter dat u verblyf hier by ons aangenaam en opbouend sal wees (...)" (Meneer Jansen, B1, 86–7)
- "Meneer Jansen, broer Olivier, broeders en susters, liewe kinders, nooit het ek kon droom dat ek hier so gul ontvang sal word nie. Ek staan vandag voor u as 'n nederige dienskneg wat bereid is om te dien en te leer ..." (Proponent Cupido, B1, 87).
"Korhaan en muisvoël", die slotteks in *Iets goeds uit Verneukpan?*, is ten opsigte van die gebruik van Standaardafrikaans as sitaatkode eweneens sosiolinguisties betroubaar ingeklee. In hierdie teks, wat afspeel teen die agtergrond van die voorgeskiedenis van die Khoi in die omgewing van die Gariep (Oranjerivier), maak Nel samehangend met die

historiese situering van die storie, bepaalde taalaanpassings om die taalsituasie op suggestiewe wyse weer te gee. Deur die sprekende personasies (Gariqu, Anorrogri, Dorah, Grigomaqi en Gonnoma) wat as hooggeplaastes in die geledere van die Khoi-Khoi-stamme voorgedhou word, Afrikaans getint met Khoekhoense items te laat praat, word gesuggereer dat hulle in werklikheid Khoekhoens gepraat het. Voorts: dat hulle Standaardafrikaans, en nie Oranjerivierafrikaans nie, in die mond gelê word, dui op 'n verrekening van 'n bepaalde variasietaalkundige aanname, d.i. dat die elite van 'n gegewe taalgemeenskap in die reël standaardtaal handhaaf.

5.2 Sentraalstelling van talige aspekte van Oranjerivierafrikaans

Die meeste personasies word uitgebeeld as eenvariëteitsprekers. Ooreenkomstig hul werkersklasstatus word hulle Oranjerivierafrikaans i.p.v. Standaardafrikaans in die mond gelê, selfs ten opsigte van die uitvoer van religieuse (kerklike) taalhandelinge. Hierdie taalgebruik word weerspieël in die volgende kerklike diskoerstipes wat in die bundels ondervang word (die onderstreepte items is verteenwoordigend van verskynsels wat by 3.2 as regionale merkers uitgewys is):

Gebedsfragmente

- "Askies tog, Here, as ek dalk nou weer 'n bietjie rof met Here saam gepraat het. Ma' Here, wat is 'n moederhart?" (Els Storm, "'n Aantreklike mens", B1, 59).
- "Here, hoekom is suster Anna da' vinnaand so ernstig siek? Dis mos oorlat Here wil gehad het sy moet siek wees, da'em is sy vinnaand siek. Want as Here nie wil gehad het sy moet siek wees'ie, da' sou onsesuster nie vinnaand siek gewees het'ie, Maar dis mos oorlat Here wil gehad het sy moet siek wees, da'em is sy vinnaand siek" (Oupa Piet Sauls, "In en om die kerk", B1, 61).

Preekfragmente

- "My broer, dissie my bedoelenteit om jou gesigvel vimore hier te stane aftrek'ie. Maar issie woord nie inonse middel als een tweesnydende swaard nie? En ek het as ouderling die tak op my skouers om julle tebemoerag en by te staan" (Albert Draai alias Alwert Skuinsnek, B1, 69).
- "Daai vrou van jou praat net soos 'n lap wat skeur, broer Kallie. Ek meen, vir 'n man in jou poesiesie alsterjaken innie diens vannie Meester, moet dit maar 'n vreeslike kenarie wees. Waarstjie die Woord ons dan nie teen die giftageit vannie tong nie?" (Albert Draai alias Alwert Skuinsnek, B1, 72).

'n Kerklike getuienis

- "My broers en my susters, ek was innie sonne gewees. Ek hettie vertieere pad geloop: ek was 'n dronklap, 'n hoerjaer ennie tronk se deur het vir my oopgestaan. Maarie Almagtige Vader het hierie gelowagesgestuur om my te kom verlos" (Frans Koetjie, "In en om die kerk", B1, 80).

Duiwelbesweringe

- “Jy, bese wat nog in onse broer Willem Makkepan oorgebly het en nie vir jou steur aannie lig van onse God en Meester'ie, ek beveel jou innie naam van Jeesis, verlaat hierie liggaam, jyttie reg daaroppie, hy behoort aan onse Here. Want jy en jou duister magte kannie innie lig van onse God en Meester bestaan nie. Gaan trug na die donker dieptes waar jy vanaaf kom” (Prens Coetzee, “Die stryd tussen lig en duisternis”, B2, 96).

In verskeie vertellings word bepaalde talige aspekte van Oranjerivierafrikaans in verband gebring met die verrekening van situasionele faktore en die rigtende effek van die handhawing of verbreking van algemene variasietaalkundige beginsels.

Die personasies beheers Oranjerivierafrikaans met gemak, maar ervaar 'n onbeholpenheid met die beheersing van bepaalde Standaardafrikaans-items. Hierdie onbeholpenheid vorm die sentrale gegewe in twee vertellings in *Iets goeds uit Verneukpan?*, naamlik “Ta Poppie en die proponent” en “Sampie se skoene”. Hierdie twee vertellings is verweef rondom die volksetimologiese omvorming van woorde wat as vreemd, ongewoon ervaar word. Ta Poppie, wat daarvoor bekend is dat “sy die verkeerde ding op die regte tyd hoor, net om weer later die verkeerde ding op die regte tyd te sê” (B1, 82), is vertrou met die benaming “amper-leraart” vir 'n proponent en haar poging om die ongewone woord “proponent” uit te spreek, loop uit op die omvorming daarvan tot “poepelent”/“poepelentjie”. Wanneer dit aan die einde van die vertelling skielik tot haar deurdring dat dit proponent Cupido is met wie sy besig is om te praat, glip die woord “poepelentjie” wat sy teen elke prys wou vermy, saam met die woord “amper-leraart” en die ydelike gebruik van God se naam uit: “O my liebe jirre! Amper-leraart, vir wat lat jy ek so stane praat en praat en jy sê nie vir my jy's onse eie liewe ou poepelentjie nie!” (B1, 90).

Die vertelling “Sampie se skoene” illustreer hoe die gebruik van 'n onbekende benaming vir 'n saak tot wanbegrip en valse beskuldigings aanleiding gee. Wikkie Sekels het 'n maagaandoening gekry omdat hy giftige sampioene wat in die veld groei, geëet het, en dit kort nadat hy die woord “sampioen” in die skool leer ken het. Toe Wikkie in 'n erg verswakte toestand fluisterend vir sy ma, ant Katriena Sekels, sê dat hy sampioene geëet het, het dit vir sy ma na “Sampie se skoene” geklink. Hierdie wanvertolking het daartoe gelei dat ant Katriena vir Sampie Mouers voor stok gekry het oor hy glo die kinders van sy skoene laat eet het. As Wikkie liever die benaminge “duiwelsbrood” of “paddastoele”, waarmee sy ma vertrou was, gebruik het, sou die valse beskuldiging van Sampie Mouers verhoed kon gewees het.

Die spontane invleg van swetstaalitems (kyk 3.2.3 (g)(vii)) is kenmerkend van die idiolekte van heelparty personasies wat Oranjerivierafrikaans besig. Dié wat as swetsers uitgebeeld word, is onder meer Vaatjie Slingers, Piet Goeieman, Albert Draai, Jan Khoemkoem en Hendrik Uithaler, asook Hendrik Tarentaal en sy seun Hennie. Hierdie spontane swetsery vind talig neerslag in onder meer die gebruik van die uitroep “asse-Here-seblief” vir asseblief (Els Storm se ma – B1, 54; Dirk April – B1, 78; Petrus Parrang – B1, 146; Hendrik Tarentaal – B1, 150); tydsuitdrukkings soos “daai god se môre” (Vaatjie Slingers – B1, 32), “die heel godse dag” (Vaatjie Slingers – B1, 35) en “elke godse nag” (Hennie Tarentaal – B1, 149); asook argaïese uitdrukkings soos “half te vrekke” (Japie Kortman – B2, 48), “half ten vrekke” (Piet Goeieman – B1, 93) en “ten vrektens toe” (Jantjie Volmoer – B1, 118). Die personasies swets soms tydens situasies waar dit nie van pas is nie. In “Ultimatum aan 'n diknek” gee ouderling Hendrik Tarentaal teenoor 'n groepie kerkraadslede soos volg uitdrukking aan die

feit dat hy raadop met sy seun Hennie is – dat hy “op” is “onner die tjeent se doendinge”: “As hy nou hier yttie tiep yt opstaan, dan sal ek weer mooipraat, ek sal weer hard praat, ek sal weer slaan en ek sal weer vir hom 'n stukkie yttie Bybel yt lees en weer vir hom bid. As hy dit wil vat, kan hy dit vat. As hy dittie wil vattie, kan hy maar vir my partin sy moer gaan!” (B1, 154). In “Splinters en balke in die oog” swets Albert Draai tydens sy preek. Oor Stoffel Oransie se seun Piet, byvoorbeeld, laat hy hom soos volg uit: “Wee’ jy wat doen’ie moerskont nou laas mettie grootdae? Hy was nou ’n ergernis soos hy agter my Mieta aangeloo het. Hy’t skoon my rankgoedjies wat ek hier agter’ie hys geplant het yttie grond yt geloo. Stane pis ôk sommer net waar hy wil” (B1, 70). In “In en om die kerk” gee Hendrik Uithaler ten tye van ’n huisbiduur “hard en duidelik” sy misnoeë te kenne oor die inhoud van ouderling Isak Diergaardt se gebed, en wel op ’n wyse wat nie by ’n biduur pas nie: “Jy moet ophou stane strontbid hier bo-op my kop!” (B1, 65).

Hierdie invleg van gekruide taalitems doen humoristies aan. Die humoristiese is gegrond in die verbreking van die pragmatiese norm van situasionele gepastheid: swetsery rym naamlik nie met kerklike interaksie nie.

Onvanpaste swetsery in die vertellings is plek-plek onderhewig aan teregwyding. In “’n Ong’luk byrrie Prambêrre” word Piet Goeieman voorgehou as iemand wie se swetsery op die verkeerde plek en tyd hom in die moeilikheid laat beland het. Die vertelling sinspeel op die spanning tussen ’n diepgewortelde gewoonte en die religieuse norm. Die klem val op Piet Goeieman se gewoonte om, kerkmense ten spyte, ’n ding op sy naam te noem, ongeag “in wie se geselskap” hy is (B1, 91). Hy en dominee Jonkers is een aand ná afloop van die Ringsitting op Calvinia vanaf Calvinia op pad Brandvlei toe. Piet sê sy sê op sy gewone manier en die dominee dreig om hom daarvoor deur die kerkraad op Brandvlei onder sensuur te laat plaas: “Ja-nee, dit het hulle nou daa’van: stront in ples va’ petats!” (B1, 91); “Daai Hennerik ja offie duiwel op sy gat is” (B1, 93); “Maar jirre, Doeminie, het Doeminie al daai bêrre mooi gebekyk? Dis kompleteet of jy na twee meisiemenspramme kyk (...) Ons val gat oor kop in daai mouter rond. Dan’sie poepolle bo, da’ weer onner en so. Half ten vrekte lê ons toe daar” (B1, 93).

Oranjerivierafrikaans word dus in die bundels voorgehou as ’n omgangsvariëteit wat gebruikmatig deur pragmatiese norme en/of sosiolinguistiese beginsels gerig word en wat geskik is vir gebruik in informele kontekste maar ook, soos Standaardafrikaans, ter uitvoering van formele kerklike taalhandelinge. Ook ten opsigte hiervan staan Nel se bundels in diens van die demarginalisering en veredeling van Oranjerivierafrikaans.

6. Ten slotte

Die potensiële waarde van hierdie studie en van Elias P. Nel se verrekening van die veelsoortigheid van Afrikaans in sy twee kontreikunsbundels wil ek puntsgewys soos volg toelig:

- Die aansny van verskillende variëteite (Standaardafrikaans, Oranjerivierafrikaans, Kaaps en Swartafrikaans) in die twee bundels dui implisiet daarop dat Nel vanuit die oortuiging skryf dat die volle draagwydte van Afrikaanse variëteite tot beskikking van die Afrikaanse skrywer is om as literêre kodes benut te word én dat die gebruik van Afrikaanse spreektaalvariëteite (regiolekte en sosiolekte) as literêre kodes ’n primêre verantwoordelikheid behoort te wees van Afrikaanse skrywers wat hierdie variëteite kan

beheers, en wel uit hoofde van hul ervaringskennis daarvan. Nel se sterk beheersing van Oranjerivierafrikaans as literêre medium is immers tot sy Boesmanlandse herkoms te herlei.

- Met sy twee bundels vind Nel aansluiting by Afrikaanse skrywers soos S.V. Petersen, Adam Small en Peter Snyders, wat nie alleen die gemarginaliseerdes van vroeëre sosiaal-politieke ordes tematies sentraal stel nie, maar ook Afrikaanse variëteite wat tradisioneel met persone uit veral die werkersklas geassosieer word, as literêre kodes aanwend.
- Die sentraalstelling van Afrikaanse streek- en sosiale variëteite in die twee bundels blyk onderlê te wees deur 'n voorneme om die Afrikaanse leser bewus te maak van die intrinsiek talige aard van hierdie variëteite. Die keuse van juis kontreikuns om die talige en funksionele aspekte van Oranjerivierafrikaans te belig, blyk sinvol te wees omdat kontreikuns as literêre genre tipies die sentraalstelling van die talige aspekte van 'n spesifieke omgewing as belangrike onderskeidingskenmerk het (Van Zyl 1992:420). Ook die benutting van ruimtelike verskuiwing om die talige aspekte van die variëteite Kaaps en Swartafrikaans te belig, blyk 'n handige woordkunsmaneuver te wees. In hierdie opsig kan Nel voorgelou word as navolgenswaardige voorbeeld van hoe die Afrikaanse skrywer lig kan werp op die veelseortigheid van die Afrikaanse taal en die onderskeidende talige merkers van spreektaalvariëteite.
- Nel se oorwegend outentieke literêre uitbeelding van Oranjerivierafrikaans as talig-gekakeerde omgangsvariëteit wat ooreenkomstig sosiolinguistiese beginsels gebruik word, staan in diens van die demarginalisering en/of veredeling daarvan.
- Deur Standaardafrikaans en Oranjerivierafrikaans afwisselend in vertelfunksie aan te wend, word Oranjerivierafrikaans implisiet uitgebeeld as taalkode wat hom in koëksistensie met Standaardafrikaans kan handhaaf.
- Studies oor Oranjerivierafrikaans was tot nou toe hoofsaaklik op gesproke data gebaseer. Hierdie studie behels 'n ondersoek na die geskrewe voorstelling van Oranjerivierafrikaans in 'n literêre ruimte en wil aantoon dat literêre tekste waarin spreektaalvariëteite as vertelkode aangewend en taalverskynsels op 'n outentieke wyse ondervang word, as 'n meer langdurige opvangnet vir die spreektaaldata kan dien. Vanuit die gesigspunt van taalstandaardisering sou Nel se geskrewe voorstelling van hierdie regiolek bestempel kon word as 'n belangrike bydrae tot die kodifisering¹⁹ daarvan en derhalwe ook tot die slyping van Oranjerivierafrikaans as potensiële voedingsbron vir Standaardafrikaans (Hendricks 2011, 2012a).

Hierdie studie sal hopelik die weg kan baan vir verdere studies oor die reikwydte van Oranjerivierafrikaans en ander spreektaalvariëteite. Tersaaklike opvolgstudies sou onder meer die volgende kon insluit:

- persepsiestudies waarin gepeil word hoe die voorstellings van streektaalvariëteite in die geskrewe vorm deur lesers ervaar word

- 'n peiling van die benutting van spreektaalvariëteite as vertelkode in Afrikaanse prosagenres
- die naspoor van Khoi-invoed in literêre tekste waarin Oranjerivierafrikaans sentraal staan
- die skriftelike voorstelling van spreektaalverskynsels met Preston (2010) se subkategorisering van niestandaardspelvorme as uitgangspunt.

Wat my eie navorsing betref, stel ek in die vooruitsig 'n opvolgartikel waarin daar op die patroon van Du Plessis (2011) en Du Plessis (2013) ingegaan word op die verwerking van die geskiedenis van die Khoi-Khoi in die kontreikunsskeppings van Elias P. Nel.

Vir sy oorwegend raak kensketsing van die tipiese talige merkers van Oranjerivierafrikaans en van die sosiolinguistiese beginsels wat die gebruik daarvan in wisselwerking met ander Afrikaanse variëteite vergesel, asook die benutting van die sekondêrvertellingstegniek om hierdie twee aspekte genuanseerd te belig, verdien Nel, variasietaalkundig gesien, 'n "mêddel" en 'n Boesmanlandse rieldans, so passievol "soos kan kom"!

Bibliografie

- Botha, T.J.R. (red.). 1989. *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. Pretoria: Academica.
- Carstens, A. en H. Grebe (reds.). 2001. *Taallandskap: Huldigingsbundel vir Christo van Rensburg*. Pretoria: Van Schaik.
- Carstens, W.A.M. 1989. *Norme vir Afrikaans: Enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans*. Pretoria/Kaapstad: Academica.
- . 2003. *Norme vir Afrikaans: Enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans*. Pretoria: Van Schaik.
- Claasen, G.N. en M.C.J. van Rensburg (reds.). 1983. *Taalverskeidenheid: 'n Blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans*. Pretoria en Kaapstad: Academica.
- Cloete, T.T. (red.). 1992. *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- Cloete, T.T., E. Botha en C. Malan. 1985. *Gids by die literatuurstudie*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- Coetzee, A. 2001. Van morfologie tot sintaksis: taalvorme van die Bolandse wingerdwerkers. In Carstens en Grebe (reds.) 2001.
- . 2005. Dialekmerkers in die Afrikaanse literatuur. *Tydskrif vir Taalonderrig*, 39(1):35–50.
- De Vries, A. 2010. *Baie melk en twee sykers*. Pretoria: Protea Boekhuis.

- De Vries, A.H. (samesteller). 2012. *Die Afrikaanse kortverhaalboek*. Kaapstad: Human en Rousseau.
- DeWet, A.S. 1993. Swartafrikaans as niestandaardvariëteit van Afrikaans. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, Supplement 18:170–88.
- Du Plessis, Hans. 1987. *Variasietaalkunde*. Pretoria: Serva.
- . 2001. Die ontwikkeling van die Afrikaanse variasietaalkunde. In Carstens en Grebe (reds.) 2001.
- . 2011. Die romansier en die verlede: Die skrywer se hantering van historiese materiaal in die skep van die historiese roman *Die pad na Skuilhoek*. *LitNet Akademies*, 8(3). <http://www.litnet.co.za/Article/die-romansier-en-die-verlede-die-skrywer-se-hantering-van-historiese-materiaal-in-die-skep> (28 Januarie 2014 geraadpleeg).
- . 2013. Die groot Trek 175: Storie of storie? *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 53(3):437–51. http://www.scielo.org.za/scielo.php?pid=S0041-47512013000300012&script=sci_arttext (28 Januarie 2014 geraadpleeg)
- Du Plessis, H. en T. du Plessis (reds.). 1987. *Afrikaans en taalpolitiek: 15 opstelle*. Pretoria: HAUM.
- Fourie, J.J. en H. du Plessis. 1987. Aspekte van die Afrikaans van Riemvasmakers. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 5(2):46–60.
- Gouws, R. en I. Feinauer (samestellers). 1998. *Sintaksis op die voorgrond*. Pretoria: Van Schaik.
- Hendricks, F. 1997. Die aard van Afrikaanse persoonstoename in Calvinia en omgewing: 'n pragmatiese beskouing. *Literator*, 18:111–29.
- . 2010. Op die taalspore van S.V. Petersen: 'n Blik op sy verrekening van taaldiversiteit. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 17(2):21–37.
- . 2011. Hoe gemaak met die ánder Afrikaans? *Pomp*, 12:111–4.
- . 2012a. Die potensiële nut van 'n gelykevlak-perspektief op die variëteite van Afrikaans. In Prah (red.) 2012.
- . 2012b. Om die miskende te laat ken: 'n blik op Adam Small se verrekening van Kaaps. *Tydskrif vir Letterkunde*, 49(1):95–114.
- . 2012c. Oor die benoeming van Afrikaanse variëteite. *Klasgids*, Augustus, ble. 40–3.
- Hendricks, F.S. 1978. 'n Sinchronies-diachroniese studie van die taalgebruik in die drama *Kanna hy kô hystoe* van Adam Small. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Universiteit van Wes-Kaapland.
- . 1988. Prolepsis in Afrikaans. Ongepubliseerde DLitt-proefskrif. Universiteit van Wes-Kaapland.

- . 1996. Kaaps: afwisseling met Engels is spontaan. *Afrikaans Vandag*, September, ble. 8–9.
- Johl, J.H. 1992. Raamvertelling. In Cloete (red.) 1992.
- Kotzé, E.F. Destandaardisasie en herstandaardisasie. Gelyklopende prosesse in die nuwe Suid-Afrika? In Van der Wal en Franken (reds.) 2010.
- Links, T.H. 1983. Khoi-invloed op die spreektaal van Kharkams (Namakwaland). In Sinclair (red.) 1983.
- . 1989. *So praat ons Namakwalanders*. Kaapstad: Tafelberg.
- Links, T. en W. van Zyl (samestellers). 1993. *Syferfonteine: verhale uit streke van die Afrikaanse taallandskap*. Kaapstad: Tafelberg.
- Meyerhoff, M. en E. Schleef (reds.). 2010. *The Routledge Sociolinguistics Reader*. Londen: Routledge.
- Nel, E.P. 1998. *Iets goeds uit Verneukpan?* Kaapstad: Tafelberg.
- . 2001. *Mafoiing en annerlike gelofietjies*. Kaapstad: Tafelberg.
- Nienaber, G.S. 1994. Khoekhoe en Afrikaans in gesprek. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, Supplement 21.
- Odendal, F.F. (hoofred.). 1991. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT)*. Johannesburg en Kaapstad: Perskor.
- Ponelis, F.A. 1987. Die eenheid van die Afrikaanse taalgemeenskap. In Du Plessis en Du Plessis (reds.) 1987.
- Prah, K.K. (red.). 2012. *Veelkantiger Afrikaans: Streeksvariëteite in die standaardvorming*. Boekreeks, no. 88. Kaapstad: CASAS.
- Preston, D.R. 2010. The Li'l abner syndrome: Written representations of speech. In Meyerhoff en Schleef (reds.) 2010.
- Sinclair, A.J.L. (red.). 1983. *G.S. Nienaber – 'n Huldeblyk*. Bellville: UWK-Drukkers.
- Smith, J.F., A. van Gensen en H. Willemse (reds.). 1985. *Swart Afrikaanse Skrywers. Verslag van 'n simposium gehou by die Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville op 26–27 April 1985*. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.
- Snyman, F.J. (hoofred.). 1968. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT)*. Vyfde Deel: J-KJ. Pretoria: Staatsdrukker.
- Snyman, N.J. 1985. Vertelsituasie. In Cloete, Botha en Malan 1985.

Stell, G. 2009. Is there a Namibian Afrikaans? Recent trends in grammatical variation in Afrikaans varieties within and across Namibia's borders. *Stellenbosch Papers in Linguistics PLUS*, 39:85–105.

—. 2010. Grammaticale variatie in het informele gesproken Afrikaans. Standaardisatie "from above" en standaardisatie "from below". In Van der Wal en Francken (reds.) 2010.

Van der Wal, M. en E. Francken (reds.). 2010. *Standaardtalen in beweging*. Amsterdam: Stichting Neerlandistiek VU.

VanNiekerk, A.A.J. 1964. *Die soutryers en ander vertellings*. Kaapstad: Tafelberg.

—. 1969. *Kelkiewyn en koggelaar*. Kaapstad: Tafelberg.

Van Rensburg, C. (red.). 1997. *Afrikaans in Afrika*. Pretoria: Van Schaik.

—. 1998. Oor skakelwerkwoorde. In Gouws en Feinauer (samestellers) 1998.

—. 2012. *Afrikaans: Ná vier eeue. Deel 2: Khoi en die vroegste Afrikaans*. Universitat Wien: Catharina Loader. <https://aie.ned.univie.ac.at/node/191796> (4 Februarie 2014 geraadpleeg).

Van Rensburg, M.C.J. 1989. Soorte Afrikaans. In Botha (red.) 1989.

Van Schalkwyk, D.J. 1983. Fonetiese taalgebruik in die taal van die Rehoboth-Basters. Ongepubliseerde DLitt-proefskrif, Randse Afrikaanse Universiteit.

Van Wyk, E.B. 1983. Gepidginiseerde Afrikaans. In Claasen en Van Rensburg (reds.) 1983.

Van Zyl, W. 1992. Regionale literatuur. In Cloete (red.) 1992.

Willemse, H., M. Hattingh, S. van Wyk en P. Conradie. 1997. *Diereis na Paternoster. 'n Verslag van die tweede swart Afrikaanse skrywerssimposium gehou op Paternoster vanaf 29 September tot 1 Oktober 1995*. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.

Eindnotas

¹ Hierdie bydrae is 'n verwerking van 'n referaat getiteld "Elias P. Nel se gebruik van streektaal as literere kode: is dit hoe mens dit doen?" wat ek gelewer het ten tye van die Derde Swart Afrikaanse Skrywerssimposium, gehou aan die Universiteit van Wes-Kaapland, 20–22 Oktober 2005.

² Die bewoording *Swart Afrikaanse Skrywers* word hier gebruik ter aanduiding van skeppende skrywers wat afkomstig is uit die geleedere van Suid-Afrikaners wat in vorige regimes (waaronder die apartheidbestel) sosiopolities gemarginaliseer is en wat Afrikaans as literere medium inspan. 'n Ideologiese fundering van hierdie begrip en van die verbandhoudende *swart Afrikaanse skryfwerk* word verskaf in Smith e.a. (1985:iii–v) en Willemse e.a. (1997:31–76).

³ Slegs enkeles (soos “’n Aantreklike mens”, “Jan Dos” en “Korhaan en muisvoël” in *Iets goeds uit Verneukpan?*) raak moontlik aan kortverhaalstatus, en wel op grond van ’n deurlopende spanningslyn en aantoonbare veranderinge betreffende die hoofkarakters (Els Storm, Jan Dos en Dorah Nonnoqua).

⁴ Die karakters, wat voorgehou word as nasate van die Khoi-San, se voorgeskiedenis word aangeroer in “Oupa Siep se heuninglus” en “Korhaan en muisvoël” (onderskeidelik die eerste en laaste teks in *Iets goeds uit Verneukpan?*), asook in “Jalontie se strafreën” (die eerste teks in *Mafoiing en annerlike gelofietjies*). Hierdie drie tekste ondervang naamlik as aspek van die storieaanbiede die periode toe Khoi-Khoistamme – “die voortydse oumense”, soos Oupa Boo (*Mafoiing en annerlike gelofietjies*, 11) hulle noem – in die gebied rondom die “Grootrivier” (*Iets goeds uit Verneukpan?*, 2) oftewel “Garieprivier” (*Iets goeds uit Verneukpan?*, 172) gewoon het en !Xthui-Goab, “hulle se eie God” (*Mafoiing en annerlike gelofietjies*, 11) aanbid het.

⁵ Vaatjie Slingers se storie oor sy insnyery begin volgens hom “laat in die veertigerjare” (*Iets goeds uit Verneukpan?*, 31). Die storiegebeure in “Ta Poppie en die proponent” speel af in Swartkop in “Novembermaand in die vroeë sestigerjare” (*Iets goeds uit Verneukpan?*, 82) en dié in “Net ’n bietjie reent voor Krismis” in 1959 – “’n droë jaar in Swartkop” (*Mafoiing en annerlike gelofietjies*, 32). Naas hierdie datumspeksifikasies is daar ook ander tekstuele gegewens wat ’n vroeëre tydsgewrig, met inbegrip van die middel-20ste eeu, in herinnering roep. Daar is naamlik o.m. die verwysing na motorfabrikate, muntstukke, afstandsmeting en gewesoorte uit ’n vroeër bestel. Petrus Noag bestuur ’n “bloedrooi 1948 Studebaker Lark” (*Mafoiing en annerlike gelofietjies*, 50) en dominee Jonkers ’n “1965-Zhephyr 6” (*Iets goeds uit Verneukpan?*, 92). In “Jan Dos” noem die primêre verteller dat Piet Botha (’n boer) ’n “pienk GMC-bakkie” (*Iets goeds uit Verneukpan?*, 126) bestuur, dat die hoofkarakter Jan Dos voornemens is om vir hom ’n “wit Studebaker-bakkie” (*Iets goeds uit Verneukpan?*, 131) te koop en dat Jan Dos se nooi, Hester Mattys, al die stukke ken wat oor die “draadloos” (*Iets goeds uit Verneukpan?*, 121) kom. Oupa Siep se meet in “jaarts” (*Iets goeds uit Verneukpan?*, 9) en Prens Coetzee in “myl” (*Mafoiing en annerlike gelofietjies*, 88). In “Keelafsnys se spook” maak oom Japie Kortman, ’n skaapskeerder, prys in terme van die toentertydse Britse geldstelsel: “Ek sê nee, my prys is sikspens virrie skaap en ’n ram offe groterage hammel is nege pennies” (*Mafoiing en annerlike gelofietjies*, 45). Oupa Siep kan met net twee soorte gewere skiet, nl. ’n “Lêmetfort” en ’n “Tienie Hennerie” (*Iets goeds uit Verneukpan?*, 13), soos hy die Martini-Henry noem. Laasgenoemde is ’n “verouderde afbreekgeweer wat omstreeks 1895 in gebruik was” (Odendal, 1991:683). Oom Japie Kortman se pa skiet met ’n “lemetford” (*Mafoiing en annerlike gelofietjies*, 79).

⁶ Die 22 tekste met die primêre verteller as dominante verteller is die volgende 14 in *Iets goeds uit Verneukpan?*: “Die spook wat oujongkêrels maak”, “Die ding?”, “Sê Booï lieg”, “’n Aantreklike mens”, “In en om die kerk”, “Splinters en balke in die oog”, “Ta Poppie en die proponent”, “’n Ong’luk byrrie Prambêre”, “Sampie se skoene”, “Donkiestreke”, “Jan Dos”, “Ultimatum aan ’n diknek”, “Die kerrieafval”, “Korhaan en muisvoël” en hierdie 8 in *Mafoiing en annerlike gelofietjies*: “Jalontie se strafreën”, “Koelie Rooioog”, “Mous die ys word skeel”, “’n Langasem vat Broertjie se asem”, “Net ’n bietjie reent voor Krismis”, “Jou oë sal vir jou ’n ding wys!”, “Oupa Klaas Miggel se pakkies”, “Die Openbaring”. Die 13 tekste met sekondêre vertellers as dominante vertellers is hierdie 6 in *Iets goeds uit Verneukpan?*: “Oupa Siep se heuninglus”, “Ingesny vir luck”, “Holpiet in Gomorra”, “Die tentdienste”, “Die kelder se slot”, “’n Troosprys vir Jan Khoemkoem” en die volgende 7 in *Mafoiing en annerlike gelofietjies*: “Waterslang vat vrou”, “Mafoiing”, “Keelafsnys se spook”, “Klaas Bul se tjeent”, “’n

Mensbojaan word gevebrand”, “Klein Stoffeltjie se sielietjie”, “Die stryd tussen lig en duisternis”.

⁷ Die woordvoerder in die inleidende skrywerstekste (gemark deur “ek”/“my” en “ons”) is vereenselwigbaar met die sprekermarkerende “ek”/“my” en “ons” in die primêrevertellerstekste. Vergelyk:

Die woordvoerder in die inleidende skrywerstekste:

“Ek wil graag as jou toergids optree vir ons reis na my gister. Ons bestemming: Verneukpan in die Boesmanland” (“Inleiding”, *Iets goeds uit Verneukpan?*, i).

“In my grootwordjare op Verneukpan het ek dikwels te doen gekry met wat ek later sou verstaan as bygelowigheid” (“Vooraf”, *Mafoiing en annerlike gelofietjies*, 9).

Die woordvoerder in die primêrevertellerstekste:

“As ek aan storievertellers in die Boesmanland dink, kom die naam van oupa Siepie gewoonlik heel eerste by myop” (“Oupa Siepie se heuninglus”, *Iets goeds uit Verneukpan?*, 1).

“Watter soort voël die langasem is, kan ek nie presies sê nie. Die bont gespikkelde langstert voël kan ure lank aanmekaar skree (...) Ons het maar altyd draaie om die voël geloop tot die dag toe Broertjie besluit het om ’n langasem te vang. Ons vier broers, ek, Boet, Broertjie en Koula stap die dag niksdoen-niksdoen deur die veld toe ’n langasem skielik naby ons begin skree” (“’n Langasem vat Broertjie se asem”, *Mafoiing en annerlike gelofietjies*, 25).

⁸ ’n Taalvariëteit is, variasietaalkundig gesien, ’n besondere manifestasievorm van ’n spesifieke taal na gelang van onder meer geografiese gebied (Overbergse of Bolandse Afrikaans, Britse of Suid-Afrikaanse Engels) en gebruikersgroep (Tienerafrikaans, Griekwa-Afrikaans, Tsotsi-Afrikaans). Elke variëteit word gekenmerk deur ’n ineenstrengeling van onderskeidende fonologiese, leksikale, grammatiese en prosodiese verskynsels. Bry is byvoorbeeld ’n onderskeidende kenmerk van Swartlandse en Overbergse Afrikaans, terwyl Kaapse en Bolandse Afrikaans onder meer vokaalverhoging as tiperende kenmerk het (Hendricks 2012c).

⁹ Onder *Oranjerivierafrikaans*, ook bekend as Noordwestelike Afrikaans (Ponelis 1987:9) en Khoekhoe-Afrikaans (Nienaber 1994:1 e.v.), word in aansluiting by Van Rensburg (1989:454 e.v., 1997:23 e.v.) verstaan daardie basiese/historiese dialek wat sy ontstaan in die 17de eeu by Khoisprekers aan die Kaap gehad het, sedert die begin van die 18de eeu versprei het na o.m. die gebied noord en suid van die Oranjerivier (Namibië, die huidige Noord-Kaap) en Kokstad, en waarin reste uit Khoekoens (die moedertaal van die vroeëre Khoi) behoue gebly het. Subvariëteite van hierdie dialekbundel sluit in Griekwa-Afrikaans, Namakwalandse Afrikaans, Boesmanlandse Afrikaans, Richterveldse Afrikaans, Rehobothafrikaans en Riemvasmakerafrikaans. Griekwa-Afrikaans is lank reeds ’n belangrike onderwerp van taalkundige studies in Suid-Afrika (Van Rensburg 1997:26). Namakwalandse Afrikaans, spesifiek die gebruik daarvan in Kharkams en omgewing, word in groot besonderhede uitgespel in Links (1983) en Links (1989). Taalkundige en sosiolinguistiese aspekte van Oranjerivierafrikaans en die subvariëteite daarvan kom onder die loep in o.m. Coetzee (2001 en 2005), Fourie en Du Plessis (1987), Links (1983 en 1989), Nienaber (1994), Stell (2009),

Stell (2010), Van Rensburg (1989:454–460), Van Rensburg (1997:23–31), Van Rensburg (1998), Van Rensburg (2012) en Van Schalkwyk (1983).

¹⁰ Kaaps, oftewel Kaapse Afrikaans, is te omskryf as daardie Kaapstadgebonde kernvariëteit van Suidwestelike Afrikaans wat te herlei is tot die 17de-eeuse verafrikaansing van Nederlands onder invloed van Oosterse slawe en wat talle sprekers uit die Kaapse werkersklas, onder wie veral Kaapse Moslems en/of bruin persone, as dominante sprekers het (Hendricks 1996:8, 2012b:97).

¹¹ Swartafrikaans is Afrikaans wat vormlik spore van beïnvloeding deur een of ander swart taal weerspieël en hoofsaaklik as verkeerstaal gebruik word. Ooreenkomstig die aard van die moedertaal van die sprekers sou onderskei kon word tussen die subvariëteite Ndebele-Afrikaans, Sotho-Afrikaans, Tswana-Afrikaans, Zulu-Afrikaans, Xhosa-Afrikaans, ensovoorts. Taalkundige en sosiolinguistiese aspekte van hierdie geografies-verbrede aanleedersvariëteit word aangesny in o.m. De Wet (1993:170–88) en Van Wyk (1983).

¹² Dat Afrikaanse variëteite gemarginaliseer oftewel misken is, en wel as uitvloeisel van die standaardisering van Afrikaans, word implisiet ondervang in die volgende opmerking deur Du Plessis (2001:70): “In die eerste helfte van die twintigste eeu dwing die politieke ideologie van apartheid die taalbeskrywing daartoe dat Afrikaans gelykstel word aan Standaardafrikaans. Die verskeidenheid wat Afrikaans sedert sy ontstaansdae vertoon, word dus om sosio-politieke redes uit die wetenskaplike beskouing van Afrikaans gedefinieer, sodat Afrikaans as voertuig van ’n wit nasionalisme gemitologiseer word.”

¹³ Kyk Ponelis (1987:10) vir ’n verduideliking van die wyse waarop Afrikaanse dialekte/variëteite, waaronder die variëteit Kaapse Afrikaans, vanuit die standaardtaal gestigmatiseer word/is.

¹⁴ In sy besinning oor die geskrewe voorstelling van gesproke taal onderskei Preston (2010:132) tussen drie tipes niestandaardspelvorme (ek gee naas sy Engelse voorbeelde ook Afrikaanse voorbeelde ter illustrasie):

(i) niestandaardspellings wat bydra om die teks meer informeel, ontspanne te laat klink (wat hy “allegro speech forms” noem): snice vir “it’s nice”, kwansys vir “kwansuis”

(ii) niestandaardspelvorme (soms inkonsekwent en onakkuraat) wat poog om die streeks- of sosiale kenmerke van die uitspraak weer te gee (genoem “dialect respellings”): wint vir “went”, dis vir “this”, tjêrel vir “kêrel”, djy vir “jy”

(iii) niestandaardspellings wat ortografies aangepas is, maar nog steeds presies dieselfde uitspraak as die standaardekwivalent verteenwoordig (genoem “eye-dialect”): sez vir “says”, wuz vir “was”, disse vir “dis ’n”, mette vir “met ’n”, waarreid vir “waarheid”.

Hierdie drieledige onderskeid van Preston word in 3.2.1 betrek in die bespreking van Nel se weergawe van uitspraakverskynsels in Oranjerivierafrikaans.

¹⁵ Die variasietaalkunde is ’n taalkunedissipline wat taalvariasie, soos weerspieël in taalvariëteite en taalvariante, vanuit sowel ’n dialektologiese as ’n sosiolinguistiese gesigspunt benader (Du Plessis 1987:1–33). Vanuit hierdie perspektief word die letterkundige werk in hierdie bydrae as taaltteks benader en val die fokus op die wyse waarop en/of mate waarin die verskeidenheid van die Afrikaanse taal, soos weerspieël in sy

onderskeie variëteite en hul konstituerende variante, in die prosawerke van Elias P. Nel ondervang word. Kyk aantekeninge 8, 9, 10 en 11 vir 'n toeligting van die begrip *taalvariëteit* en van die variëteitsonderskeidinge wat in hierdie studie betrek word.

¹⁶ Voorbeelde van sulke kontreikunstekste deur A.A.J. van Niekerk is “Baasgeselsers uit my kontrei”, “Ou Anneries Kok”, “Jan Joelie” en “Klei'gjert Byl, Baasvoetslaner” in *Die Soutryers en ander vertellinge* (1964) en “Ou Bulletjies” in *Kelkiewyn en Koggelaar* (1969).

¹⁷ Ná 'n gesiteerde taalitem of teksfragment word die volgende verwysingsgegewens tussen hakies geplaas: eers word die gesiteerde spreker genoem, gevolg deur 'n aandagstreep, die bundelnommer B1 of B2 (B1 = *Iets goeds uit Verneukpan?*; B2 = *Mafoiing en annerlike gelofietjies*), 'n komma en die bladsynommer in die gemelde bundel – só:

“affêring” i.p.v. affêre (Prens Coetzee – B2, 93)

“By jou werk is jy nou hoe lank die rooigatkitaar wat ammal net wil slaan” (Kokkie Klaaste – B1, 34).

Alternatiewelik word slegs die bundelnommer plus die tersaaklike vertellingstitel of bladsynommer verskaf – só:

Appie Beeselaar (B1, “Die tentdienste”)

“Daai Hennerik ja offie duiwel op sy gat is” (B1, 93).

¹⁸ Die bewoording *bemiddelde weergawe van Oranjerivierafrikaans* soos dit hier gebruik word, hou in dat Nel se literêre inkorporering van hierdie streekvariëteit nie gelyk te stel is aan sosiolinguistiese korpusversameling nie, maar bejeën behoort te word as 'n kreatiewe, verrekende konstruksie van Oranjerivierafrikaans wat berus op 'n individuele seleksie uit die talige opsies wat die variëteit hom bied (kyk Hendricks 2012b:107).

¹⁹ Kodifisering (oftewel verskrifteliking) as deelproses van taalstandaardisering, soos toegepas op Afrikaans, word belig in Kotzé (2010:155–61), en wel in samehang met ander deelprosesse (seleksie, normering en funksie-uitbreiding).